# Die Matie

Pectora roborant cultus recti

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXIII Nr. 2 PRYS 10c

WOENSDAG, 7 MAART, 1979


CARNEGIE-BI... UNIVERSITEIT ... 26 MA... CARNEGIE ... UNIVERSITY ...

# MATIES VIER 3 – EEUE MET VREUGDE



*Die trots van Matieland — mej. Matieland en haar twee prinsesse. Tina Louw (18) is 'n Huishoudkunde-student in haar eerste jaar. Weerskante van haar staan die twee prinsesse. Anette Marais (links) en Kosie Weideman (regs). Nog foto's van hulle verskyn op die agterblad.*
**Foto: Bernard Jordaan (RAPPORT).**

**KARNAVAL is amper iets van die verlede en die akademiese eise word daagliks hoër. *Die Matie* wil egter vir oulaas 'n visuele terugblik op Karnaval '79 gee. Ons voor- en agterblad is in volkleur. Binne kan u twee fotobladsye sien waarop ons die gees van Karnaval probeer uitbeeld.**

**Die hoogtepunt van Karnaval was ongetwyfeld die vlotoptog deur die strate van Stellenbosch. Dit was baie duidelik dat die koshuise geen moeite ontsien het om die optog so kleurvol en vrolik moontlik te maak nie. Die vlotte was stewig en 'n paar het heelwat ingenieurskennis geverg om te bou.**

**Die tema — Stellenbosch 300 jaar oud — is op heelwat verskillende maniere vertolk.**

**"Die oue en die nuwe" is op verskillende maniere uitgebeeld. Kleredrag uit Jan van Riebeeck se hangkas asook dié uit die rolprent "Grease" was oral te sien.**

**Die musiek van die optog het ook die styl van 300 jaar verteenwoordig. Afrikaanse moppies is op 'n tipiese Kaapse Klopse manier gesing. Uit die optog het van "You're the one that I want" tot "The Planet" van Holst weerklink.**

**Die werklikheid, toekoms, fantasie en verlede het lekker deurmekaar gevloei en gehelp om die fees 'n ware 'fees' te maak.**

**Die Smoeg-trofee is weer eens deur die Militêre Akademie verower. Die dameskoshuis wat die eer met hul deel, is Erika. Erika het ook vanjaar die Karnavalkoningin, Tina Louw, opgelewer. Tina en haar twee prinsesse, Annette Marais en Kosie Weideman, verskyn in kleur op die agterblad van hierdie uitgawe.**






## *KARNAVAL-UITGAWE*

### *Sien binne:*


***Mej. Matieland-finaliste bl.2***

***Karnavalfoto's bl.16 tot 20***

***Eerstejaar-doop ? bl.7***

***Studenteparlement bl.3***

***Mej. Matieland en haar prinsesse in kleur bl.20***






# MATIELAND SE MOOISTES








## Die room van die oes.

*Soos baie duidelik op dié foto's gesien kan word, is die finaliste vir die mej. Matieland-kompetisie die room van Stellenbosch se skoonheids-oes. Links bo is Hettiene Loxton (19) (B.A.). Regs bo: Kanja Marais (19) (B.A. Kuns). Regs: Sue Matthews (17) (B.A. Regte). Regs onder: Antoinette Stolz (19) (B. Drama). Onder: Tessie Uys (18) is 'n mediese student in haar eerste jaar. Heel onder links: Therese Coetzee (18) (B.A.). Links: Gerda de Villiers is 'n B.A.-student in haar derde jaar.*









# NUWE PARLEMENT SIT AF OP HOË NOOT



*Min. Chris Heunis, Minister van Ekonomiese Sake het die openingsrede gevoer tydens die amptelike opening van die Studenteparlement op Woensdagaand die 28ste. V.l.n.r. sit Jan de Wet, SR-voorsitter, Frans Roelofse, onder-voorsitter, Min. Heunis en Piet Naudé, voorsitter van die SP.*

'n INTERESSANTE nuwe studente-instelling het verlede week op Stellenbosch in werking getree. Dit is die Studenteparlement van die Universiteit, waarin alle koshuise en verenigings op die kampus verteenwoordiging het. Die Studenteparlement is verlede jaar gestig om die Studenteraad oor politieke sake in te lig. Dit is gebore uit 'n drang na groter betrokkenheid by landsake. Die liggaam is bloot adviserend, sonder uitvoerende mag. Mnr. Chris Heunis, Minister van Ekonomiese Sake, het by die opening oor die regulerende rol van 'n parlement in die samelewing gepraat.

"'n Parlement is die instrument waarmee die nasionale doelwitte van 'n land ordelik en sinvol vervul word. Dit is die plig van 'n parlement om deur ordening, regulering en vernuwing die hoogste mate van regverdigheid op elke terrein in ons samelewing te probeer nastreef", het mnr. Heunis verlede week op Stellenbosch gesê.

Mnr. Heunis het by die eerste opening van die nuut-gestigte Studenteparlement van die Universiteit van Stellenbosch opgetree.

### ORDENING

Hy het gesê dat politici en die parlementêre stelsel die groot verantwoordelikheid dra om die samelewing te orden. As botsings nie inherent in ons samelewing was nie, sou 'n parlement onnodig wees.

Die rol van 'n parlement in die moderne samelewing is om die omstandighede en probleme van die volk te verstaan en te reguleer.

Die wêreld beleef reeds 'n derde wêreldoorlog, hoewel dit nooit formeel aangekondig is nie. Die supermoondhede besef dat hulle hul doelwitte beter met 'n oorlog op die gebied van grondstowwe en minerale kan bereik. Suid-Afrika het 'n teiken geword omdat die groot moondhede die waardevolle rol van Suid-Afrika besef.

### RUSLAND

Rusland besef dat hy beheer oor Wes-Europa kan verkry indien hy die grondstowwe van Afrika van Europa kan weerhou. Sodanige buitelandse imperialisme bemoeilik besluitneming baie meer as binnelandse struikelblokke.

### DOEL

Die Studenteparlement is gestig om die Studenteraad in te lig oor politieke sake. Hy is bloot adviserend sonder uitvoerende mag. Elke koshuis en vereniging op die kampus is in die parlement verteenwoordig.

# IRAN EN SY INTERNASIONALE IMPLIKASIES

DIE gebrek aan kontak tussen die voormalige Sjah van Iran en sy volk, die prys van olie en in teenstelling daarmee die tradisievaste Islamitiese geloof, was primêr die oorsake van die omverwerping van die vyf-en-twintig-jarige bewind van die Sjah en die oorname daarvan deur Ayatolla Khomeyni.

Prof. Louw van die Staatsleerdepartement, het in sy toespraak voor SAAK (Woensdag 28 Februarie 1979) gesê dat sedert die CIA in 1953 die Sjah gehelp het om aan bewind te kom, die Sjah alle voeling met sy volgelinge verloor het.

Die skerp stygings van die olieprys en die daarmee gepaardgaande ekonomiese ontwikkeling en vernuwing in Iran was ook in stryd met die gees van behouding en tradisie van die Islam – die geloof van die Iraniërs.

Die gevolg was dat waar ons enersyds 'n begeesterde Sjah gehad het wat sy land wou uitbou, nie alleen op sosiaal-ekonomiese vlak nie, maar ook op politieke vlak, 'n anti-kommunistiese bastion wou vorm en as polisieman van die Midde-Ooste 'n stabiliserende invloed wou uitoefen, ons andersyds 'n volk gehad het wat hom nie wou volg nie.

Die olieprys het egter nie net voor-uitgang teweeggebring nie, maar ook grootskaalse korrupsie; die vonk in die kruitvat.

Intussen het Ayatolla Khomeyni, as banneling, vanuit Parys onrus gestook en 'n nuwe Islamitiese republiek vir Iran voorgestaan wat hy dan ook gedurende die eerste week van Februarie, met Mehdi Bazargan as eerste minister, ingestel het.

Alhoewel die nuwe regering met steun van linkse groepe aan bewind gekom het, wil dit nie sê dat dit noodwendig 'n pro-kommunistiese regering is nie. Trouens, dit is juis dieselfde "linkse ondersteuners" van wie Khomeyni nou sy ergste teenstand kry. Dat die Sowjet-Unie egter alles in sy vermoë sal doen om die onstabiele toestand in Iran uit te buit, ly egter geen twyfel nie. 'n Stewige vastrapplek in Iran sal nie alleen Europa, wat 71% van sy olie uit die Persiese Golf kry, in 'n netelige posisie plaas nie, maar sal ook 'n stap in die rigting van verwesenliking van die droom van Peter die Grote wees, naamlik 'n direkte verbinding met die Indiese Oseaan.

Gesien in die lig van die feit dat Mehdi Bazargan reeds verklaar het dat olie nie langer aan maatskappye verkoop sal word nie, maar aan regerings, is dit duidelik dat die Iraniese bewindsoorname ook vir Suid-Afrika, wat tot onlangs vir 98% van sy olie van invoer afhanklik was, implikasies van astronomiese omvang inhou.

Gevra om 'n mening oor die toekoms, het professor Louw geantwoord dat die toestand in Iran nog lank nie na normaal teruggekeer het nie, en dat dit nog geruime tyd sal duur voordat toestande stabiliseer. Tot tyd en wyl dit geskied is 'n toekomsblik onmoontlik.

# *SR-partytjie: net misnoeë*

'n BERIG in *Die Matie* oor 'n uitspattige SR-afskeidspartytjie het verlede jaar groot aandag in die pers geniet en is wyd onder studente bespreek. Hierdie saak het ter sprake gekom op die eerste SR-vergadering van 1979. 'n Mosie waarin die Raad sy misnoeë oor die afskeidsfunksie uitspreek, is aanvaar. Die implikasies hiervan kan egter wyer kring as net die mure van die SR-raadsaal.

Dit was reeds verlede jaar duidelik uit studentereaksie dat die posisie van drie van die betrokkenes wat ook erekleure-draers van die Universiteit is, in gedrang sal wees. Hulle is mnre. Hannes Koegelenberg, Fanie Bergh en Leon Oosthuizen. 'n Beplande mosie wat sou vra dat die drie here hul erekleure ontneem word, is weens 'n gebrek aan belangstelling laat vaar. In 'n mosie voor die Raad is gevolglik gevra dat die integriteit en verantwoordelikheid van die drie erekleure-draers ernstig bevraagteken word. Dit is voorgestel deur mnr. Tollie Oosthuizen en ondersteun deur mnr. Deon de Kock. Die name van mnre. Koegelenberg, Bergh en Oosthuizen is prominent in die mosie genoem.

### NAME VERSWYG

In 'n amendament voorgestel deur mnr. Frans Roelofse het die Raad sy misnoeë uitgespreek oor die afskeidsfunksie en die betrokkenheid van die drie erekleure-draers betreur. Dit is as substantiewe mosie aanvaar met 'n teenstem van twee. Die name van die betrokkenes is verswyg in die aanvaarde mosie.

### PRESIDENT

Pogings tot venyn en eensydige optrede teen slegs die drie erekleure-draers kan nie regverdig word nie. Tog skep die Raad met sy aanvaarde mosie die indruk dat die betrokkenes beskerm word. 'n Presedent is geskep wat optrede teen erekleure-draers in die toekoms onmoontlik sal maak. Die prestige van erekleure as toekenning vir buitegewone diens het hiermee in gedrang gekom.



**Hoë noot**

# Konserte Komplementeer



*Eva Tamassy het met haar silwer fluit en warm persoonlikheid die konsert op Donderdag opgehelder.*

# KRUIK DANS IN OUDE LIBERTAS

IN 'n relatief klein teater, soos die Oude Libertas Amfiteater, waar 'n mens naby aan die verhoog is, is dit veral 'n genot om ballet te kyk. Hier het **Kruik Ballet** op 16 en 17 Februarie drie kort werke aangebied.

Die program is geopen met *Aurora se Huwelik*, die vierde bedryf van Tchaikofsky se *Slapende Skone*. Aangesien hier verskeie tonele uit die sprokies ter vermaak van die koning en koningin voorgestel word, kan die bedryf op sy eie opgevoer word. Sommige van die stories, soos *Katjiestewels* en *Rooikappie*, was te opsetlik naïef om regtig te slaag, terwyl ander, soos die *Blou Vöels* in alle opsigte pragtig was. Vir die effense ongelykheid in die *Pas de Trois* het die *Pas de Deux* heeltemal vergoed. **Phyllis Spira en Eduard Greyling** het hier met onmiskenbare professionaliteit en grasie gedans.

### NABY

Die nabyheid van die gehoor maak grimering en gesigsuitdrukkings baie belangrik, maar hieroor, en oor die kostuums kon niemand kla nie. Dit is altyd jammer as die musiek deur 'n luidspreker sisteem verskaf moet word (waarby hier nie verby te kom was nie) en veral wanneer daar 'n aantal dansers op die verhoog was, kon 'n mens opmerk indien iemand voor die luidsprekers verby beweeg.

### IMPRESSIONISTIES

**Die min beligting, en die meer impressionistiese benadering van die dansers het uitstekend gepas by die donker akkoorde van Schönberg se *Verklärte Nacht*.** Daarby het die amper karikatuuragtige onbeholpenheid van die jaloerse ouer broer gesorg vir wat myns insiens die hoogtepunt van die aand was.

### BELEDIGING

Die aand is afgesluit met Prokofief se bekende *Pieter en die Wolf*. Ook dit sou 'n genot gewees het, as 'n mens net gespaar kon bly, wat jy op elke plaatopname van die werk moet deurstaan: 'n verteller. Afgesien van 'n Afrikaanse aksent wat beter sou pas by 'n goedkoop radioverhaal, was die taalfoute guwelik. **Behalwe dat dit 'n belediging was vir die dansers, wat heeltemal in staat was om die verhaal op hulle eie te vertel, het dit amateuragtig voorgekom.** Gelukkig het die oorspronklike dekor en kostuums, en 'n baie oulike Pieter gesorg dat die aand nie heeltemal op 'n antiklimaks geëindig het nie.

**PAUL CILLIERS**

# Karnaval

MET die reeks etensuurkonserte tydens Karnaval is musiek van groot verskeidenheid aangebied. Die komposisies het gewissel van barok tot hedendaags en die luim van baie ernstig tot heel vrolik. Ek wil graag konsentreer op die eerste konsert, omdat 'n mens hier so min opera te hore kry, en op die laaste, omdat ligte musiek van kwaliteit net so skaars is.

Die openingskonsert is gewy aan sang, met die uitvoerende kunstenaars Ingrid Salzman, begelei deur Delina Venter, en Marichen Meyer begelei deur Paul du Plessis. As 'n geheel beskou, was die program goed gebalanseerd. Mej. Salzman het begin met drie lieder van Brahms, wat sy met haar gewone musikale betroubaarheid, suiwer diksie en indrukwekkende interpretasie vertolk het. Daarna het sy vervolg met *Die Blommelied* uit *Faust* van Gounod, wat miskien op 'n grootser en vryer wyse aangebied kon word. **Die oorgang van die Kunsliedstyl na opera is vir menige sangeres 'n onoorkombare probleem, maar sy het dit tot 'n hoë mate oorbrug.** Die ingetoënheid wat by die Kunslied so noodsaaklik is, het haar egter tog weerhou van 'n vryer uitvoering van opera. Delina Venter se begeleiding was simpatiek en het getuig van goeie voorbereiding.

### DUETTE

Mejj. Salzman en Meyer het daarna twee duette uit die opera gesing. Die *Barcarolle* uit *Die Verhale van Hoffman* van Offenbach het die dames se potensiaal as ensemblesangeresse getoon. Daar was ongelukkig, ook in die *Briefduet* uit *Die Huwelik van Figaro* van Mozart, 'n sekere spanning voelbaar. Mej. Salzman is, soos reeds gemeld, meer tuis in die liederstyl, en kon wat suiwer stemvolume betref nie by mej. Meyer kersvashou nie. Die samesang het ook nie deurgaans glad verloop nie.

### OPERA-AGTIG

Mej. Meyer se vertolking van Schubert se *Der Hirt auf dem Felsen* was opvallend opera-agtig, maar die uitvoering was uiters geslaag. Die ensemble, bestaande uit Oliver de Groote, klarinet, en Paul du Plessis, klavier, het gesorg dat die werk nie sy liederkarakter verloor nie. Mej. Meyer se diksie en interpretasie was deurgaans goed, met 'n sekere lewering van die tegnies baie moeilike deel.

### VIRTUOOS

**Met 'n skitterende *Leise, leise* uit *Der Freischutz* van C.M. von Weber het mej. Meyer getoon dat opera ongetwyfeld haar *forte* is.** Haar lang lyne en musikale frasering in die stadige deel, en tegniese virtuositeit in die vinnige deel was indrukwekkend. Die tegniese moeilikhede van die begeleiding is tot 'n groot mate deur Paul du Plessis bemeester.

### AVANTE-GARDE

Woensdag het Roelof Temmingh een van sy bandkomposisies voorgespeel. Die werk, *Blomsit*, is in die komponis se eie woorde „geïnspireer deur die sit van 'n bekende Afrikaanse digter-skilder-skrywer." Die gebruik van dele uit 'n paar van Breytenbach se verse, en veral die effektiewe herhaling daarvan, gee aan die werk 'n amper grafiese kwaliteit. Die benouende atmosfeer word ook deurgaans gehandhaaf.

Almal op Stellenbosch ken by die tyd vir Eva Tamassy. Sy het met die konsert op Donderdagmiddag weer die gehoor aan haar voete gehad. Haar warm persoonlikheid en pragtige spel beïndruk 'n mens telkens opnuut.

### LIG

Die slotkonsert op Vrydag het baie meer in die algemene musieksmaak geval. Randall Wicomb en sy sanggroep het die program ingelei met 'n verwerking van 'n Bach *Bourree* en Vecchi se madrigaal *Fa una canzona*. Die goeie ensemble en dinamiese wisseling, asook 'n duidelike diksie in die madrigaal het hierdie werke laat slaag. Coba Wicomb se lewering van *Cent mille chanson*, oorspronklik deur Frieda Boccara opgeneem, kan net as ongelooflik beskryf word. **Soveel sensetiwiteit word selde by 'n uitvoering van ligte musiek opgemerk.** Hulle deel vandie program is afgesluit met *Kleur*, klaarblyklik van Randall Wicomb self, en 'n sprankelende en heerlik aardse vertolking van die maleierliedjie *Boomstraat*.

### DAMESKOOR

Acama Fick met haar dameskoor het weereens bewys waarom hulle as een van Stellenbosch se gunstelling uitvoerende groepe bekend geword het. **Met so 'n ongelooflik dinamiese dirigente, wat terselfdertyd so musikaal en sensitief blyk te wees, is dit nie verbasend nie.** Haar program was goed gekies en is ingelei met twee verwerkte Franse volksliedjies van Hubert du Plessis, werke wat 'n pragtige, eenvoudige skoonheid besit.

Die koor het vervolg met 'n goed afgeronde Switserse jagliedjie, begelei deur 'n kitaar, sytamboer en kontrabas. Waar mej. Fick verwerkings soos die van *Donna, Donna* vandaan kry, is 'n geheim. Dit is so musikaal en het die dameskoor se pragtige altkwaliteit goed gepas. Hulle het die program afgesluit met 'n lekker ritmiese varwerking van die „Negro Spiritual" *Babylon's fallin*, wat hulle tot almal se plesier herhaal het.

Dit was jammer dat by geen van die konserte programme beskikbaar was nie, maar ek is seker dat dit 'n aangename verandering van spyse gedeurende die Karnavaltyd gebied het.

**JEREMY SCOTT**

## kuns kalendar

**KONSERVATORIUM**

**16 Maart** — Kontarsky-broers (klavierduo)
**24 Maart** — John Antoniades (klavier)
**11, 18, 25 Maart** — Sondag-aanduitvoerings

**OUDE LIBERTAS-AMFITEATER**

**7 Maart** — Lionel Bowman (klavier)
**8 — 14 Maart** — *Antigone*
**11 Maart** — Skemerkonsert

**USAT**

**23 — 30 Maart** — Toneelfees

**FILMVERENEGING**

**19 Maart** — *The Magnificent Ambersons*
**Woensdagaande** — Die Kind en die Film

**ASK**

**15 Maart** — Pöesie en prosa bespreking. (*Klipkus en Poppie Nongena*)
**22 Maart** — Prof. F. Ponelis: Afrikaans en Taalkunde.


GET FRUITY WITH JUICY LUCY.

Juicy Lucy now at the Kentucky Fried Chicken store in Stellenbosch. Serving freshly squeezed 100% pure fruit juices. Juicy Lucy and The Colonel have got together to give you the finest fast food service in town. 100% pure fruit juice plus finger lickin' good Kentucky Fried Chicken, Colonel Burgers, chips, salads and desserts.




TAKE A JUICE TRIP TODAY.

KENTUCKY FRIED CHICKEN,
Trust Bank Centre, Stellenbosch.
Telephone: 6174.

Campbell-Ewald 1243




*USAT se Dramafees is weer op hande, en oral word druk gerepiteer. Hierbo word gewerk aan Marlene van Niekerk se wenstuk van verlede jaar. Almal sien uit na nog so 'n suksesvolle*

# Kuns getuig van Gehalte

RELIËF

## Uniforme styl ontbreek

DIE kunsuitstalling wat op die oomblik in die Waterkant-galery in Kaapstad te sien is, behoort meer as net 'n terloopse kennisname van Stellenbosse kunsliefhebbers te ontlok. Afgesien van die feit dat die agt kunstenaars wat uitstal almal afgestudeerde studente van die Universiteit van Stellenbosch is, oortuig die gehalte van die kunswerke in so 'n mate dat 'n besoek aan die tentoonstelling die moeite loon. Die kunstenaars, vier skilders en vier goudsmede, se werk kan nog tot die 10de Maart besigtig word.

Wat die skilders betref, is dit opvallend dat, alhoewel hul almal saam gestudeer het, daar geen algemene karaktertrek in hulle werk te bespeur is nie. **'n Mens sou hier nie kon praat van 'n Stellenbosse skool nie — daarvoor is die werk te indiwidualisties. Internasionale kunsrigtings se invloed is sterk en die feit dat hulle almal op Stellenbosch gestudeer het, is, wat hul werk betref, heel toevallig.** Van 'n uniforme styl, soos wat ons by sommige kunsskole vind, is hier geen sprake nie — 'n verblydende teken.

Hierdie kunstenaars is nog jonk en moet hulself nog vind, maar hul werk getuig reeds van 'n eie karakter. Dit sal die moeite werd wees om hulle vorentoe dop te hou.

### RELIGIEUSE INSLAG

Die werk van **Maryla Bialobrzeski** het 'n sterk religieuse inslag. Dit word weerspieël in die drie werke *Shrine* en *Crucifixion*. Die twee *Shrine*-werke is intiem en klein van formaat en slaag goed daarin om die soort atmosfeer wat 'n mens in oorsese kerke aantref, weer te gee.

Minder suksesvol is die werke *Untitled* — tegnies uitstekend, maar te veel 'n slaafse navolging van ander kunstenaars. **Die mees geslaagde en treffende werke is *Lilies of the Field, T-Cross* en *Selfportrait wrapped up*. Hier getuig die kunstenaar van oorspronklikheid van idees en kennis van vorm, kleur en tegniek.**

### NEO-REALISME

**Keith Dietrich** se werk beïndruk deur die oorspronklikheid van sy gedagtes en die uitbeelding van sy idees. Selfs sy tegniek, eiertempera, getuig van iemand met 'n sterk indiwidualistiese inslag en 'n behoorlike kennis van tegnieke. Sy vakmanskap is buitengewoon. Die besonderse uitbeelding van teksture is diep gewortel in die Hollandse en Vlaamse kuns van die afgelope vierhonderd jaar.

**Sy werke *Still life with 3 ways, Ignus, Aqua, Aether & Terra, Landscape with object* (Triptiek) en *50 Glorious Years* maak 'n uiters sterk indruk. Die invloed van die neo-realisme is sterk, maar sy indiwiduele benadering maak van hom iemand van wie ons nog baie gaan sien. Werklik uitsonderlike werk!**

### LEWENDIGE ONTWERP

Sterk sensueel van aard is **Sandra Kriel** se werke *Niks onder of bo* en *Katarsis*. Sterk, helder kleure, lewendige ontwerp en oorspronklikheid kenmerk haar werk, bv. *Begin 1978* en *Begin 1979*. **Die werke is meestal klein van formaat, in ou swart en bruin rame, waardeur die werke aan intimiteit wen. Werke soos *Landskap* en *Dit gebeur soms ook uit liefde* getuig van hoogstaande tegniese vakmanskap.**

### INTERNASIONALE INVLOED

Alhoewel tegnies knap en interessant, is **Leon Vermeulen** se werk miskien die meeste deur internasionale kunsrigtings beïnvloed en is daar nie genoeg van homself te sien nie. Werke soos *Ongetiteld* en *Landskap* is minder geslaagd, maar *Wolk* en *Droom I* en *Droom II* het meer inhoud en is beter uitgewerk en afgerond. Kortom: 'n knap kunstenaar met potensiaal wat nog nie ten volle benut word nie.

### GOUDSMEDE

Al vier die goudsmede se werk is van só 'n hoogstaande gehalte dat 'n mens eintlik niks daaroor wil sê nie; die werke spreek vanself. **Ook hier val die sterk indiwiduele inslag en oorspronklikheid van ontwerp op, alhoewel al vier aan dieselfde universiteit (onder Dieter Dill) gestudeer het.**

Met 'n vermenging van materiale verkry **Geta Finlayson** 'n uiters ingewikkeldheid van ontwerp, wat soms miskien té kompleks raak. Haar werk is egter tegnies van hoogstaande gehalte en sy lê selfs verbluffende vakmanskap aan die dag, soos ons sien in die borsspelde (nommers 3 en 5) en die halssnoere (nommers 6, 7 en 8).


**Lilly Friedlaender** se ryke verbeelding, gekombineer met vakmanskap van hoogstaande gehalte, sorg vir oorspronklikheid in haar werk. Haar *Belt clasp* (nr. 38) met sy 24 diamante laat jou na asem snak. Dit val miskien nie binne iedereen se smaak (of binne bereik van die beursie) nie, maar indrukwekkend is dit wel. **Die pendant (nr. 36) met sy pragtige klein skulpies van 2cm wat in die ontwerp ingewerk is, is iets heel besonders. Maar van haar treffendste werke is die halssnoer (nr. 40) met sy kombinasie van verskillende materiale.**

Meer sober en eenvoudig van ontwerp is *Daniel Kruger* se werke, soos ons sien in sy pendant (nr. 19). Alhoewel nie suiwer die werk van 'n goudsmid nie, is sy unieke pendante (nommers 21-25) werklik iets besonders — getuienis van die hoogstaande kwaliteit van sy werk. Dis 'n samevoeging van sy goudsmidkuns en gehekelde werk in pragtige helder kleure. Die hekelwerk is besonder fyn en word alles deur homself gemaak.

**Pragtig speelse werke is dié van *Olga Potgieter*. Besonder fyn is die halssnoere (nommers 26, 27 en 33) en haar borsspelde getuig van 'n kennis van haar materiaal. *Objects d'art* (nommers 30 en 31) is in feite miniatuurskilderytjies.**

Hierdie agt kunstenaars het werk gelewer wat van hoë integriteit spreek — inderdaad produkte waarop Stellenbosch trots kan wees.

**E. BOSMAN**



*Een van die interessante werke van Sandra Kriel wat tans op die kunsuitstalling in die Waterkant-galery te sien is. Dit heet en is saam met die werk van sewe ander kunstenaars nog tot 10 Maart in die galery te besigtig. (Sien berig hiernaas)*

# KUNSVERENIGINGS BEDRYWIG

WIE hom as nuweling op die terrein van die kunste begewe — selfs net as belangstellende — bevind hom dikwels in 'n ietwat surrealistiese situasie. Hy voel hom miskien ewe verlore as 'n soustannie in 'n Dali-skildery. Hy bevind hom in 'n vreemde wêreld omdwaal deur eteriese geeste wat artistieke verhewenhede besig.

Ten einde diégene in staat te stel om vertroud te raak met die landskap van die kunste, bied *Die Matie* hierdie oorsig oor die kunsverenigings van die Universiteit. Deur aan te sluit by een of meer van dié verenigings behoort nuwelinge die "oriëntasieproses" as minder verwarrend te ervaar.

### DIGTERS

**ASK:** Die **Afrikaanse Studiekring** bied studente wat belangstel in die Afrikaanse taal en letterkunde 'n geleentheid tot deelname aan besprekings van nuwe publikasies en stimulerende voorlesings deur gesaghebbendes. **Die vereniging stel ook d.m.v. die publikasie *Penseel* studenteskrywers en -digters in staat om hul werk die lig te laat sien.**

**Angles:** Die **English Society** bied ook voorlesings aan, sowel as filmvertonings. 'n Hoogtepunt van die jaar is die inter-departementele debat wat deur hierdie vereniging aangebied word. Vir nadere besonderhede kan by die voorsitster, Rita Barnard, by die Dept. Engels navraag gedoen word.

**Filmvereniging:** Hierdie vereniging vertoon op gereelde grondslag (elke Maandagaand aan lede om 18h30 en 20h30) kunsfilms van uitstaande gehalte. Voornemende lede kan vóór 'n vertoning by die deure (Reitzsaal, Ingenieursgebou) inskryf en sal voortaan gereeld in *Die Matie* ingelig word omtrent films wat vertoon sal word.

### DIE KIND

Die vereniging hou ook besprekings oor die films wat vertoon word. **Woensdagaande (19h00) het ook nie-lede die geleentheid om 'n reeks korter films te sien. Tans word 'n reeks films "Die Kind" aangebied.**

**FOKUS:** Die **Fotografieklub van US** sien om na die behoeftes van veral beginnerfotograwe. Deur middel van voorlesings en "workshops" (waar beligting en modelle voorsien word) word beginners op simpatieke wyse touwys gemaak.

Geleentheid om te kompeteer en foto's uit te stal, bestaan tydens Fotovaria, 'n jaarlikse fotografie wedstryd wat deur die klub georganiseer word. Die "Fotograaf van die Jaar" en die "Beginner van die Jaar" word by hierdie geleentheid aangewys.

Die klub stel ook fotografiebenodigdhede goedkoop aan lede beskikbaar. Voornemende lede kan die voorsitter, Berni Buys, (tel. 2127) kontak of weeksdae (13h15 — 13h45) die donkerkamer in die LSS besoek.

### OPEWEEK

**KREATUS:** Die vereniging van die Dept. Beeldende Kunste bied heelwat van belang vir die geïnteresseerde student. Weeklikse entensuurfilms word Donderdae vertoon en wissel van dokumentêre films tot tekenprente en eksperimentele films. Tydens aandbesprekings, sal geleentheidsprekers 'n wye veld dek, wat kuns, musiek, drama en letterkunde insluit.

Daarby word 'n uitstalling van studentekuns (5 — 23 April) gehou. **'n Interessantheid is die sg. "Open Week" waartydens verskeie eksperimentele aktiwiteite onderneem word. Vir verdere besonderhede kan daar met Nicolaas Vergunst, die voorsitter, by die Dept. Beeldende Kunste in aanraking gekom word.**

**USAT:** Die **Universiteit van Stellenbosch Amateurteater** bied sommer vroeg al (22 — 31 Maart) hulle baie suksesvolle jaarlikse dramafees aan. Studente word deur middel van koshuise en verenigings daarby betrek.

### TONEELTOER

'n Toneeltoer na Grahamstad se Sharpfees en die Rand word vir die Junievakansie beplan. Ook aktiwiteite wat nie streng gesproke as drama sou kon deurgaan nie, val binne die aktiwiteite van hierdie vereniging. **Daar word byvoorbeeld 'n folkfees en 'n kabaretaand beoog en ruim geleentheid bestaan vir deelname.**

Vir musiekstudente bestaan daar geen amptelike vereniging nie, maar daar vind dwarsdeur die jaar optredes deur uitvoerende kunstenaars in die Konservatorium plaas.

# Folk vir die "Vibes"

FOLKMUSIEK hou vir baie mense baie dinge in. Sommige luister na niks anders as folk nie; ander kan dit weer nie verdra nie. Dit lyk egter asof dit by die jaarlikse Karnaval-folkfees nie saak maak wat jy die res van die jaar dink nie: jy kom eenvoudig om die atmosfeer en die saamwees te geniet. Vrydagaand, 23 Februarie, het hierdie feit net weer onderstreep.

**Dit is dus begryplik dat die kunstenaars geen "intellektuele" musiek met "diep" lirieke kon lewer nie — dis nie waarop die gehoor ingestel was nie. Veel eerder wou hulle meelewing en goeie "vibes" hê.**

David Cramer het uitstekend daarin geslaag om met sy humoristiese, ritmiese musiek so 'n gevoel van intimiteit te skep. Cramer is 'n ware verhoogkunstenaar wat weet hoe om 'n gehoor in die palm van sy hand te kry, en daar te hou.

### TOTALE OORGAWE

Heather Solomon en Josh Sithole het dieselfde atmosfeer as Cramer geskep, maar het dit reggekry slegs deur hul totale oorgawe aan hul musiek. **Daarom was hulle vir my die bevredigendste kunstenaars van die aand. Josh is sonder twyfel een van die talentvolste musikante wat nog op Stellenbosch te sien was.**

Strelende, meer tradisionele musiek is gelewer deur Valentine en Tate, twee nuwelinge op die Stellenbosse folktoneel. Hulle het veral beïndruk met hulle kristalhelder sang.

### PLAASLIKE KUNSTENAARS


Wat die plaaslike kunstenaars betref, was die hoogtepunt ongetwyfeld die groep van Adrian Austen en Graham Jacobs. Hul musiek was sterk, kleurvol en "tight". Myns insiens het Austen en sy vriende 'n nuwe standaard gestel vir folkgroepe op Stellenbosch.

Die ou gunstelinge, Leslie Dowling, Steve Louw en Dirk de Vos, het weer eens goeie sang gelewer. Twee nuwe name wat gerus onthou kan word, is Ricci en Nico. Beide Ricci se sang en Nico se kitaarspel is van 'n baie hoë gehalte.

**Daar was dinge wat gekrap het — veral die klanktoerusting wat eenvoudig nie opgewasse was vir 'n opelug-gehoor van ongeveer drieduisend mense nie. Maar die hoofindruk wat 'n mens bybly is een van 'n baie genotvolle aand, vol van daardie atmosfeer wat slegs deur goeie musiek geskep kan word.**

**WILLEM MÖLLER**

# Buckle-up



*Die gordelgespe van Lilly Friedlaender waarvan daar in die resensie hierbo melding gemaak word. Dit is ingelê met 24 diamante. Dis al beskryf as Suid-Afrika se antwoord op die Seekus van die Dood — albei is 'n diamantgordel!*

# NUSAS-KONGRES TELEURSTELLEND

VERSKEIE Stellenbosse SR-lede het die vyfdaagse NUSAS-kongres by die Universiteit van Kaapstad verlede November bygewoon. Frans Roelofse, die SR-ondervoorsitter, Piet Stofberg en Piet Delport was teenwoordig, en na afloop daarvan is hulle gevra om kommentaar te lewer op die kongres en NUSAS se beeld.

Frans Roelofse het gesê dat die organisasie geensins 'n meer gematigde beeld ná die kongres het as vantevore nie. Volgens hom is hul ideaal steeds om die bestaande gesagstruktuur te destabiliseer ten einde hul doelstellings te bereik. Mnre. Stofberg, Roelofse en Delport was dit eens dat NUSAS die bestaande wit politieke struktuur as irrelevant beskou in hul projeksie van die toekoms van Suid-Afrika.

### IRRELEVANT

Op die vraag of daar moontlik ná die kongres meer gemeenskaplike grond vir kontak met NUSAS is, het al drie SR-lede negatief geantwoord. Frans Roelofse het die duidelik gestel dat NUSAS kommunikasie as irrelevant beskou, en dat daar na afloop van die kongres geensins 'n ander sienswyse gehuldig word nie.

Piet Stofberg het genoem dat die wyse waarop daar by die kongres tot besluitneming oorgegaan is, totaal oneffektief was. Teen die tyd dat 'n besluit verby die komiteestadium was, het die topstruktuur die kleur wat hulle pas daaraan verleen. Frans Roelofse het beaam dat die topstruktuur absoluut volgens vooropgestelde idees opereer en daar geen sprake van demokratiese besluitneming was nie. Hy het gesê dat die organisasie vir 'n vrye pers staan, maar nie die minder radikale NUSAS-lede toelaat om hul afrol- en drukgeriewe te gebruik nie.


### BEGEESTERD

Met betrekking tot die moontlike totstandkoming van die sogenaamde *Conservative Alliance*, het Piet Delport gesê hy glo so 'n alliansie het beslis 'n bestaansreg, met die voorbehoud dat hulle sal poog vir wedersydse begripsvorming en die uitruil van standpunte. Piet Stofberg het die uitspraak onderskryf en ook klem gelê daarop dat dialoog 'n belangrike faktor daarin sal moet wees. Frans Roelofse is ook in beginsel heeltemal ten gunste daarvan, maar het gesê dat indien Afrikaanse kampusse ook deel daarin sal hê, dit moontlik die Engelse lede mag vervreem.

### ALLIANSIE

Die SR-ondervoorsitter het gesê dit is jammer dat 'n mens NUSAS weer moet kritiseer aangesien hulle beslis 'n begeesterde groep mense is. Hy maak sterk beswaar daarteen dat NUSAS hul teenstanders as "eng" uitkryt, terwyl hulle eie sienswyses ook relatief eng en sterk omlyn is. Die organisasie is volgens hom beslis revolusionêr, en hy voorsien probleme wanneer oud-NUSAS-lede as akademiese personeel by die Engelstalige universiteite aangestel word. Na sy mening sal dit hul ideaal van destabilisasie vergemaklik. Sy grootste beswaar teen NUSAS is dat hulle 'n eie mening gevorm het oor hoe die Suid-Afrikaanse samelewing georden behoort te wees, sonder dat hulle daarop aanspraak kan maak dat hulle verteenwoordigend van enige noemenswaardige groep is.

In soverre dit die kongres se organisasie betref, was Piet Delport en Piet Stofberg dit eens dat dit swak was. Piet Stofberg het dit as "ongeorden" beskryf, terwyl Piet Delport gesê het dat dit NUSAS se absolute liberale benadering weerspieël het.




*Auret van Heerden, president van Nusas, Vrydag afgeneem tydens die "Fokus op Nusas"-vergadering. Die vergadering en besprekings het heelwat reaksie van Maties uitgelok. (Sien berig op bladsy 9)*

BAUSCH & LOMB
SOFLENS
CONTACT LENSES

help keep you active in sports without bothersome glasses

help your schoolwork because you see well

help your social life because you look better







BAUSCH & LOMB SOFLENS (polymacon) Contact Lenses are soft, flexible and comfortable.

BAUSCH & LOMB



Prescribed more than any other soft contact lens.

To find out more discuss with your eye care practitioner, or write to Soflens Div. P.O. Box 3300, Jhb. 2000.

BAUSCH & LOMB and SOFLENS are trademarks of Bausch & Lomb Incorporated

5121

## NATAL STEM VIR NUSAS

KORT nadat die studenteraad van die Universiteit van Pietermaritzburg verlede jaar verkies is, is 'n referendum gehou om oor hul voortgesette affiliasie by Nusas te besluit. 63% van die studente het gestem, insluitende 74% van die voltydse studente, en affiliasie aan Nusas is goed ondersteun met 960 stemme vir affiliasie en 705 daarteen.

Intensiewe veldtogte is deur beide die pro- en anti-Nusas kampe gevoer en streng beheer is oor alle pamflette en biljette uitgeoefen om vuil taktiek, soos wat op Rhodes in April verlede jaar tydens 'n soortgelyke referendum plaasgevind het, in die kiem te smoor. Tog het veral die anti-Nusas mense hulle skuldig gemaak aan onakkurate en emosionele uitlatings.

Omdat Nusas blykbaar 'n omvattende beleid gehad het om aan te bied, was hulle veldtog oor die algemeen positief in pleks van die konserwatiewes se meestal afbrekende kritiek.

By die kongres aan die einde van November 1978 op die UK-kampus, het die kongresgangers besluit dat Nusas vanjaar op twee programme gaan konsentreer, naamlik "Fokus op Kontrole" waarin daar na die verskillende maniere waarop beheer oor arbeiders, vroue, swartes en die media uitgeoefen word, gekyk sal word; en "Aksie op Opvoeding" waarin daar gepoog sal word om opvoeding, en veral kursusse op universiteite te laat verander na 'n Afrika-gerigte opvoeding. Hierdie rigting behels alternatiewe tegnologie en meer navorsing oor Afrika-probleme soos ondervoeding, in plaas van hartkwale, wat 'n Westerse probleem is.

HAUM
Die student se boekwinkel
Trustbankgebou
Andringastraat
Stellenbosch
7600
Posbus 343
TEL. 4440 2906

# OM TE DOOP OF NIE TE DOOP NIE

WAT dink die studente van Stellenbosch van doop? Dit is immers 'n vraag wat altyd aktueel sal bly, aangesien almal van ons een of ander tyd òf die slagoffer daarvan was òf die tiran was wat dit afgedwing het.

Dat 'n student kwalik apaties kan staan teenoor dié verskynsel, wat ook "verwelkoming" genoem word, blyk duidelik uit die verskeie onderhoude wat gevoer is. Almal het 'n klaargaar standpunt gereed. Oor die algemeen voel almal dat dit 'n mens help om in te skakel by 'n groep, koshuis of seksie. Die belangrikste vraag bly egter: Beskou jy dit as 'n middel tot 'n doel (verwelkoming, inskakeling, ens.) of as die doel in sigself. Val jy in laasgenoemde kategorie, is jy waarskynlik deel van die grootste groep op Stellenbosch. Wat is nou lekkerder om iemand in 'n posisie (benard! ) te sien waarin jy jouself verlede jaar bevind het! Die genot tog van mag oor iemand anders!

Maak jy deel uit van die eersgenoemde groep (wat 'n diepere doel agter dit alles sien), beywer jou vir die huiskomitee. Jou koshuis het jou nodig!

## Die "djare




*Die eerstejaars tydens hul oriënteringsweek in die D.F. Malan. Hulle het nie geweet wat op hulle wag nie . . .*

# "Doop bestaan nie"

## — Vise - rektor

"DIE hoofdoel van die oriënteringsprogram vir eerstejaars is dat hulle by 'n groep ingeskakel kan word", het die Vise-Rektor, prof. Mike de Vries, in 'n onderhoud aan *Die Matie* gesê. Dit help hulle ook om 'n koshuis en sy gebruike te leer ken.



*Is dit waartoe 'n eerstejaar georiënteer moet word? 'n Swottende eksistensie?*

**Launa Marais** *het die volgende vrae aan hom gestel:*

*Daar word nog in die koshuise gedoop, nie waar nie?*

**Prof. De Vries:** Wat ook al die gebruik van die term vroeër was, dink ek nie "doop" word meer in ons koshuise toegepas nie. Daar is geen fisiese kontak waarvan ek bewus is nie; dit is in elk geval ten strengste verbode. Daarby vind modderbaddens, die drink van kasterolie, water en die ingee van meelpille nie meer plaas nie. Op die oomblik is daar slegs die oriënteringsprogram van die Universiteit, waarop daar tyd ingeruim word vir koshuisaangeleenthede. Laasgenoemde vind ook slegs onder toesig van die inwonende hoof en huiskomitees plaas.


### INSKAKELING

**Die Matie:** *U is dus van mening dat dit goed is om wel nog 'n ontgroeningsperiode te hê?*

**Prof. De Vries:** Nee, ek sou dit nie 'n ontgroeningsperiode wou noem nie, eerder 'n inskakelingsperiode – 'n inskakeling by die koshuis. Daarmee bedoel ek ook nie net die koshuis op die kampus nie, maar ook die privaatwyke. Hulle sit veral met die probleem van inskakeling omdat hul mense so geïsoleerd is, oral in die dorp. Ek wil weer beklemtoon dat die student wat nie deel is van 'n groep nie, 'n vreeslike eensame mens tussen die massas op Stellenbosch kan wees.

### EENSAME MENSE

Elke koshuis moet ook hul eie oriënteringsprogram aan my voorlê vir goedkeuring. Die doelstellings van die program is dat die eerstejaars as 'n groep ingeskakel word by hul koshuise se aktiwiteite, en om hul gebruike en tradisies te leer ken. As eerstejaars nie deel van 'n groep word nie, bestaan die gevaar dat hulle eensame mense kan wees.



*Prof. Mike de Vries*

### MIN SLAAP

Ek het verslag ontvang van hoe die programme in die onderskeie koshuise afgeloop het, en daar was geen gevalle van fisiese kontak nie. 'n Probleem wat wel sy kop uitgesteek het, was dat die eerstejaars te min slaap gekry het. Dit lyk asof die huiskomitees in hierdie opsig nie presies by die programme gehou het nie. Daaroor sal ons maar weer 'n keer onder mekaar moet gesels.

### DOOP?

**Die Matie:** *Wat het geword van die tradisionele doop?*

**Prof. De Vries:** Dit is afgeskaf omdat so iets gewoonlik hand uitruk. In die verlede is mense werklik fisies afgeransel, 'n mens kan amper sê aangerand, en studente is beseer met modderbaddens en dergelike dinge. Dit is 'n absolute onnodigheid wat al vroeg in die sestigerjare deur die universiteitsowerhede verbied is. Die standpunt is nog altyd gestel dat eerstejaars ordentlik verwelkom en deel van die groep moet word.

### DOELSTELLINGS

Wat vir my baie belangrik is, is dat 'n koshuis bepaalde doelstellings met sy verwelkoming moet hê. 'n Koshuis moet nie net probeer om 'n groep eerstejaars af te breek of af te kraak nie. Daarmee sou ek glad nie kon saamgaan nie.

# Menings van die Primarii /ae

"'n EERSTEJAAR moet die regte perspektief op die studentelewe gegee word". Dit is die mening van Gys van Schoor, primarius van Dagbreek. Gys was een van die studenteleiers wat deur *Die Matie* oor doop uitgevra is. Hy vervolg:

"Ontgroening van die eerstejaars is noodsaaklik, maar dan moet daar 'n doel wees waarna gestreef word. Ek onderskei die volgende mikpunte.

1. Die eerstejaar word totaal oordonder as hy hier aanland. Gedurende die dooptydperk moet daar gepoog word om die eerstejaar die regte perspektief op die studentelewe te gee.
2. Hy moet ook gedissiplineer word. Daarsonder sal koshuisadministrasie chaos wees. Dink maar aan telefoondienste.
3. Laastens moet doop ook sodanig wees dat dit in latere jare nog altyd huislede aan mekaar sal bind."

**Hanneke Neethling (Primaria van Nemesia):** Die eerstejaarmeisies is ten alle tye soos dames behandel. Hul vroulikheid is nooit op enige stadium aangetas deurdat daar 'n verbod op grimering geplaas is of op die dames geskreeu is nie.

Stellenbosch is ook so wyd moontlik aan hulle bekend gestel. Hulle het van die museum tot die swembad besoek. Ook is die dames baie goed deur hul akademiese raadgewers bygestaan. Hierdie nuwe benadering is 'n groot sukses. Die meisies is baie meer spontaan en die gees en dissipline is op hierdie stadium baie beter as in vorige jare.

**Pieter Marais (Primarius van Eendrag):** Die doop van eerstejaars mag nie te lank aanhou nie, omdat hulle so spoedig moontlik selfstandig moet begin deelneem aan kampusaksies.

Gedurende die dooptydperk moet hulle opgevoed word in hul koshuistradisies. "As Eendragter moet hy weet dat Helshoogte op Eendrag se tennisbane staan en dat hulle nie van Simon moet hou nie."

Ook moet hulle die seniors en mekaar in die koshuis leer ken. Geleenthede moet gesoek word om talent onder die eerstejaars op te spoor en te ontwikkel.

**Monty Sahd (Primarius van Simonsberg):** Die breë doel van die doop moet wees om die nuweling op te voed tot 'n volwaardige lid van die koshuis en van die Universiteit.

Gedurende die doop moet daar 'n groepsgevoel opgebou word. Elke lid moet voel hy is deel van die groep en deel van die huis.

Die eerstejaar moet ook volledig ingelig word oor koshuis- en kampusaangeleenthede en oor sy kursus.

Laastens moet hy tot daardie punt gebring word waar hy sy plek in sy koshuis en as Matie ken en daardie plek van hom kan volstaan.

# Wat dink die eerste jaars?

OM een oggend in Victoriastraat af te stap en studente se menings oor doop (of verwelkoming) te vra, kan baie interessant wees.

**Andrew Pickford (Hombré):** "It's O.K., but only a bit too long. It should not continue as soon as classes started, but initiation is a must."

**Jurie Gouws (Huis Visser):** "Doop is baie belangrik om terug aarde toe te kom, veral ná matriek. Dit help ook die nuweling om vinniger as normaalweg aan te pas."

**Paul O'Donoghue (Helderberg):** "It was sometimes tough, and towards the end we hated it, but afterwards we laughed about it. What I liked is the fact that a senior never touched us, and never swore at us."

**Jan van Zyl (Dagbreek):** "Al hou jy nie van die doop nie, geniet jy dit tog later. Dit is nodig om jou aarde toe te bring. By ons is niks gedoen wat nie reg was nie. Noudat ek agterna daaraan dink, besef ek dit was goed."

**Jean Hugo (Oude Molen):** "Goed in dié opsig dat dit ouens wat pas klaar is met hul skoolloopbaan leer om saam te werk. Vir oud-dienspligtiges kan dit te lank word. Sodra die tydperk langer as twee weke is, word die gees weer afgebreek. Die voordeel van alles is dat jy baie meisies en mense leer ken."

**Jean Palm (Eendrag):** "Dit is nodig, want een van die hoofsake is om jou lojaal te maak teenoor jou koshuis. Jy leer Stellenbosch ook baie gouer ken. Dit is onsinnig dat daar nog eerstejaars van ander koshuise is wat moet baadjies dra."

**Erika du Toit (Aristea):** "Dink dis goed. As jy gedoop is, is jy meer deel van die kampuslewe. Ons is nie eintlik gedoop nie."

**Johan Lombard (Helderberg):** "Ons word nie baie gedoop nie – in elk geval veel minder as wat my broer by Pukke gedoop is. Ek dink dis goed, behalwe dat die naamkaartjies bietjie vernederend is."

**Anoniem van Harmonie:** "Terrible! Die meeste van die tyd is jy geïrriteerd. 'n Algemene gevoel van verveeldheid word ervaar. Ek sou baie mense kon leer ken in 'n halfjaar. Ek dink nie die doop behoort heeltemal afgeskaf te word nie, maar dis darem te streng."

### ALGEMEEN

Hieruit blyk die algemene gevoel van ons studente. Miskien kan sommige van die besware wat genoem is, ook hier weergegee word. Die persone bly anoniem.

1) Te min slaap, veral wanneer klasse al begin het.
2) Hulle kry partymaal te min tyd om klaar te eet.
3) In sommige koshuise (u weet watter) is die tydperk heeltemal te lank. Twee weke is die geskikste tydperk, en die feit dat drie manskoshuise se eerstejaars veel langer met baadjies en dasse moet loop, is ietwat oordrewe.
4) Veral meisies meen manskoshuise (met uitsonderings) is geneig om die eintlike doel mis te kyk en dan misbruik te maak van die hele aangeleentheid.

Die Matie
Woensdag, 7 Maart 1979

## Studenteparlement

DIE opening van die Studenteparlement was 'n geskiedkundige gebeurtenis. Trou aan die tradisie van Stellenbosch, is hier nog 'n instelling wat met die regte leiding kan groei tot 'n baie nuttige en waardevolle instelling.

Die idee om 'n "skynparlement" op die kampus te hou om studenteleiers die geleentheid te gee om hul menings omtrent politieke sake te gee, is een van die mees positiewe gedagtes van die afgelope jare.

Die gesanik oor apatie aan die kant van die Afrikanerstudent, is immers al jare aan die gang.

Die geskiedkundige eerste vergadering verlede Dinsdag, het nie heeltemal op dreef gekom nie. Die lede van die parlement moet nog leer om die nuwe platvorm reg te benut. Dit is te verstane dat sommige nie vertroud met vergaderingsprosedure is nie. Hulle sal egter ter wille van sinvolle funksionering hulself baie gou op hoogte van sake moet bring.

Daar is egter een groot euwel waaraan die waarde here van die parlement nie moet toegee nie:

Moenie met hoogdrawende en akademiese mosies en besprekings (wat eintlik niks sê nie) die kanaal waardeur praktiese en realistiese aanbevelings moet kom, laat verstop nie.

Dit is 'n algemene neiging deur sommige van ons leiers om met behulp van statistieke en teorieë 'n indrukwekkende vertoon te gee wat van weinig praktiese nut is.

Só iets doen afbreuk aan ons nasionale, akademiese en studenteleiers.

*Die Matie* vertrou egter dat die SP soos enige nuwe motor gou sal 'inloop' en van lastige 'rammels' ontslae sal raak. Stellenbosch moet hierdie lofwaardige idee genoeg kans gee om sy voete te vind.

## Vastrapplek vir Nusas?

Die "Fokus op Nusas" – vergaderings wat verlede week op die kampus gehou is, het heelwat reaksie binne Matie-geledere uitgelok. Politieke woelinge en klein stormpies het baie duidelik sedert verlede Vrydag verdubbel.

Nusas wil gewis 'n vastrapplek op die Stellenbosse kampus hê. Om verskeie redes is dit vir hulle van uiterste belang.

Daarenteen is geen Matie gereid om 'n "afgewater ter wille van aanvaarding" – houding van Nusas te aanvaar nie. Geen organisasie durf met 'n "tweede" beleid vir sogenaamde regsgesindes steun te koop nie.

Daar is egter altyd twee kante van 'n saak en indien Nusas wel beweeg na 'n positiewer, konstruktiewer uitgangspunt, mag Stellenbosch hul pleidooi nie ignoreer nie.

Dit sou 'n kwade dag wees as Nusas sodanig verander om werklik sinvol op te tree en Stellenbosch te bevooroordeeld is om dit raak te sien.

**REDAKSIE 1979**

**HOOFREDAKTEUR:** LOUIS HEYNEMAN, Redaksiekantoor: Langenhoven-sentrum 436 en 438. (Tel. 5979) Christellahof 16, Victoriastraat. Boodskappe: Sekretaresse, Studenteraadskantoor, LSS (Tel. 3702).
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** KOBUS PIENAAR, Concord 24 (Tel. 2045).
**ADVERTENSIE-BESTUURDER:** PIETER IMMELMAN, Helshoogte A515. (Tel. 4380).
**AKTUELE REDAKTEUR:** JOHN VAN BREDA, Louwstraat 3. (Tel. 3578).
**NUUSREDAKTEUR:** JOHAN LÖTTER, Eendrag. (2137).
**INTERUNIVERSITÊRE REDAKTEUR:** MAARTEN MITTNER, Eendrag. (2136).
**SPORTREDAKTEUR:** KWARTUS SIEBERHAGEN, Dagbreek. (Tel. 3633).
**SOSIALE REDAKTEUR:** DEON VAN NIEKERK, Son Vida 205.
**KUNSREDAKTEUR:** ABEL PIENAAR, Paul Krugerstraat 2.
**TAALREDAKTEUR:** ANDRIES CALITZ, Die Laan 18.
**HOOFFOTOGRAAF:** MARIUS GREEFF, Van Riebeeckstraat 40. (Tel 4349).
**SUB-REDAKTEURS, NUUS:** ERIKA VAN ROOYEN, Hoflaan 14 en COENRAAD PIETERSE, Eendrag.
**SUB-REDAKTEUR, INTERUNIVERSITÊR:** GERHARD BARNARD, Majuba.
**SUB-REDAKTEUR, SPORT:** LE ROI STEENKAMP, Dagbreek (3633).
**SUB-REDAKTEUR, KUNS:** PAUL CILLIERS, Dagbreek.
**NUUSVERSLAGGEWERS:** Francois van der Merwe, Ilse de Villiers, Anton Kruger, Henk Rauch, Johan Müller, Nelis van Rensburg, Pieter van Niekerk, Bennie Zietsman, Agnes Hager.
**INTERUNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS:** Johan Swarts, Anton Bruwer, Koos Sieberhagen, Winifred Botha, A.D. van Niekerk.
**SPORTVERSLAGGEWERS:** Kobus Basson, Ian Theron, J.W. Loubser, J.P. Marais, Anne-Lise Lamont, Nico Roux, Barend Vos.
**SOSIALE VERSLAGGEWERS:** Mariette Streicher, Elbert Uys, Launa Marais, I. Naudé, Jeanne Jordaan, Deon Roussouw.
**KUNSVERSLAGGEWERS:** Maria Rautenbach, Morlette Lindsay, Japie Pienaar, Rachelle Greeff, Linda Jacobs, Willem Möller.
FOTOGRAWE: Piet Borman, Maarten Joubert, Wessie van der Westhuizen.
**SPOTPRENTTEKENAARS:** Thomas Tyler, Koos van der Riet.
**VERSPREIDERS:** Wynand Fourie, Nico Steyn, C.L. van Schalkwyk.

# *uit die studenteraad*

JOHN VAN BREDA BERIG:

NADAT die SR op die 21st Februarie in kamera vergader het om te besin oor hul rol, het die SR op sy laaste vergadering (28/2/79) tot 'n duidelike formulering hieroor gekom.

### TWEELEDIG

In die mosie, wat eenparig aangeneem is, word dit duidelik gestel dat die rol van die SR tweeledig van aard is. Eerstens moet die SR as administratiewe liggaam die belange van die studente doeltreffend behartig en tweedens moet die SR aktiewe leiding t.o.v. politieke aangeleenthede gee.

### LEIDING

Ten opsigte van lg. sê dié mosie dat die SR moet leiding gee deur a) as verteenwoordige liggaam van die Studente-unie namens sy kiesers rigtinggewend standpunt in te neem t.o.v. die aktuele studente- en landspolitiek, b) die aktuele debat van ons tyd te stimuleer d.m.v. die skepping en instandhouding van voldoende strukture vir die bevordering van oop gesprek en c) die Studente-unie te bedien van akademies-verantwoordelike inligting rakende die breë spektrum van ons gemeenskapslewe. Die voorsteller, mnr. Frans Roelofse, het dit duidelik gestel dat dit bloot 'n teoretiese standpuntinname is en dat daar later met 'n meer praktiese handleiding ten opsigte hiervan na vore gekom sal word.

### INKATHA

Mnr. Roelofse het 'n tweede mosie ingedien waarin die SR die leiers van die Inkatha-beweging uitnooi vir 'n gesprek met die Raad om sodoende meer duidelikheid te verkry oor die rol van dié beweging asook watter benadering Stellenbosch t.o.v. Inkatha moet handhaaf.

In sy motivering van die mosie het mnr. Roelofse gesê dat dit vandag algemene praktyk is dat wit, bruin en swart met mekaar praat en dat dit daarom goed sal wees as een van die leiers van dié beweging met die SR kom praat. Dit sal dan vir die SR moontlik wees om 'n beter oordeel oor die beweging te fel as om hulle op tweedehandse inligting te verlaat. Die mosie is ook eenparig aangeneem.

### DISTRIK SES

Mnr. Roelofse het 'n derde mosie ingedien t.o.v. die problematiek rondom Distrik Ses, maar moes hierdie mosie terugtrek. In die mosie vra die Raad die owerhede om 'n gedeelte van Distrik Ses te herproklameer as Kleurlinggebied omdat hierdie residensiële area vir baie jare aan hul kultuur verbonde is. Mnre. Bell, Stofberg, Koornhof, Rabe en Kleyn het gevoel dat hulle nie genoegsame kennis oor die aangeleentheid het nie en dat dit beter sou wees om deegliker kennis hieroor in te win voordat 'n mosie ten opsigte daarvan aangeneem kan word. Die mosie is daarop teruggetrek.

### STUDENTEPARLEMENT

Mnr. Nic Koornhof het 'n mosie ingedien waarin hy die Komitee vir Politieke Studies versoek om onverwyld aandag te gee aan die hersiening van die reglemente van die Studenteparlement. Ter motivering hiervan het hy gesê dat die meeste van die mosies op die eerste vergadering van die Studenteparlement alreeds deur die SR aangeneem is en dat daar dus oorvleueling bestaan en opnuut na die SP se reglemente gekyk sal moet word.

Mnr. Renier Koeglenberg het gesê hy steun dié mosie omdat die SP "gevoelige" mosies kan aanneem wat glad nie verteenwoordigend van die Studente-unie sal wees nie omdat die SP sekere groepe verteenwoordig. Die mosie is eenparig aanvaar.

### DRANKMISBRUIK

Die SR het ook sy misnoeë oor die drankmisbruik tydens Karnaval uitgespreek. Die Voorsitter, mnr. Jan de Wet, het gesê dat t.s.v. die reëlings by die biertuin daar nog drank ingesmokkel is. Hy het voorts voorgestel dat 'n ad hoc-kommissie aangestel moet word om dié aangeleentheid te ondersoek en dat tugmaatreëls oorweeg moet word.

### OPROEP

*Die Matie* wil 'n oproep tot die Studente-unie rig om die SR te steun in hul pogings tot leiding in politieke aangeleenthede deur die SR-vergaderings meer gereeld by te woon.

# Politieke studie: Suid-Afrika voldoen aan VVO-vereistes

## *Komitee vir Politieke studie lewer verslag:*

DIE Universele Deklarasie van Menseregte van die VVO bestaan uit twee dele: (a) Ekonomies-sosiale gedeelte en (b) Polities-juridiese gedeelte.

In hierdie artikel word aangedui watter geweldige bydrae Suid-Afrika tot (a) hierbo gemaak het. In 'n latere artikel sal aangedui word hoedat Suid-Afrika gefaal het om aan die vereiste standaard ten opsigte van (b) te voldoen.

### TUISLANDE

Suid-Afrika het in die dekade 1965-1975 hulp ter waarde van R5 000 miljoen aan sy agt tuislande gegee. In dieselfde tydperk het UNESCO, die VVO-hulporganisasie, R338 miljoen aan 38 lande van die derde wêreld gegee.

Daar is 12 378 swart skole met 'n leerlingtal van 4 500 000 in Suid-Afrika. Dit verteenwoordig 'n persentasie van 25% van die hele bevolking. Die hoogste syfer in die res van Afrika is Liberië, 'n land wat 141 jaar onafhanklik is. In Nigerië is dit 6% en in Wes-Europa 21%.

### KWALIFIKASIES

Wanner die verskil in akademiese kwalifikasies van kleurling- en blanke onderwysers in aanmerking geneem word, asook die skoolverlatingskoers onder kleurling hoërskoolleerlinge en die rente en delging op skoolgeboue, is daar slegs 'n verskil van R40 tussen die bedrag gespandeer per blanke leerling en die bedrag gespandeer per kleurlingkind.

### EKONOMIESE POSISIE

Suid-Afrika verteenwoordig 67% van Afrika se ekonomiese aktiwiteit terwyl slegs 6% van dié vasteland se bevolking hier woon. Dit beteken dat 7 miljoen mense in een jaar sal moet sterf in Suid-Afrika as ons ons regmatige ekonomiese posisie (10%) moet inneem. Werkreservering bestaan nog slegs vir 1,5% en swart arbeiders mag nou aan al 66 geïdentifiseerde beroepe van blankes deelneem. In verband met die loongaping moet aangedui word dat lone met 98% toegeneem het oor die afgelope 10 jaar terwyl produktiwiteit met slegs 9% gestyg het. Indien lone dus maar net verhoog word, sou daar al minder daarmee gekoop word en gevolglik verminder, in plaas van vermeerder, die algemene welvaart. Daar moet onthou word dat die negerbevolking in Amerika gemiddeld 59% verdien van hul blanke gelykes en dat daar 20 miljoen arbeiders in die nywerheid is wat minder as die minimum vir nieblanke werkers in Suid-Afrika verdien.

### GROEIKOERS

Naas 'n ander land het Bophuthatswana verlede jaar die hoogste ekonomiese groeikoers in die derde wêreld gehandhaaf, naamlik 3,1%, terwyl die VVO 3,2% aanbeveel as 'n vereiste vir 'n wêreldland as dit uit armoede wil ontsnap. Mnr. Robert McNamara, president van die Wêreldbank, het onlangs aan die leiers van derde wêreld lande gesê dat hulle rewolusie in hul eie lande stook, want hulle kweek verwagtings wat hulle nooit sal kan beantwoord nie. Hy het 'n projeksie van die agt rykste lande in die derde wêreld gemaak en tot die gevolgtrekking gekom dat dit hulle, met groot buitelandse belegging, 100 jaar sal neem om op gelyke vlak met die Weste te kom. Vir die daaropvolgende 16 lande sal dit 'n duisend jaar neem. Die eenvoudige waarheid is dan dat as Bophuthatswana nie uit armoede kan ontsnap nie, sal geen land in die derde wêreld daarin slaag nie.

# *Diefstal : ernstige oortreding*

VERSKEIE woonstelbewoners in die boonste helfte van Victoriastraat is ontstoke omdat hul potplante van hul stoepe verdwyn en blomme en struike moedswillig beskadig word. Na wat *Die Matie* verneem, is studente in koshuise na bewering hiervoor verantwoordelik.

Sommige van die vetplante en bonzai's wat vermis word, is na bewering deur die eienaars in 'n manskoshuis gevind.

'n Hele paar waardevolle bonzai's (dwergboompies) het kort gelede van die woonstelblok Christellahof verdwyn. Die boompies sowel as die bakke kom uit Japan. Soms neem dit tot twintig jaar se vertroeteling voordat die boompies tot hul reg kom. Met die verkeerde behandeling sal hulle binne 'n kort tydjie vrek.

Studente word ernstig versoek om die blomme en plante met die rus te laat. Die publiek beskou dit nie as studentepret nie, maar as diefstal.

Aangesien sekere koshuise reeds onder verdenking is, moet diegene wat hulself aan dié misdryf skuldig maak die hele saak in 'n baie ernstige lig sien.

Die publiek sal ongetwyfeld nie skroom om verdere stappe te doen om sulke optrede uit die weg te ruim nie.

# JBB '79 BEPLAN GROOT DINGE

DIE Junior Breëbestuur van 1979 het in die kort tydjie wat dit reeds funksioneer, duidelik getoon dat dit vanjaar weer stem gaan dik maak op die kampus. Benewens deelname aan 'n suksesvolle Karnavalkermis op die Jan Maraisplein, het die JBB die Studenteraad verlede week gekritiseer in 'n mosie. Dit is duidelik dat die JBB nie gaan skroom om hom sterk uit te spreek in gevalle waar die belange van die juniors geraak word nie.


Met die goeie resultate wat die JBB verlede jaar behaal het, wil vanjaar se Bestuur voortbou op die voorbeeld van dinamiese leiding aan juniors. Die geleentheid om op die JBB te dien word gesien as 'n kans om waardevolle ondervinding op te doen in posisies van verantwoordelikheid en leidinggewing. Behalwe vir die gewone organisatoriese take wat aan die JBB opgedra word, word daar ook gereelde besprekings oor aktuele onderwerpe in die vooruitsig gestel. 'n Kamp, waar lede mekaar beter sal kan leer ken, word beplan en verskeie onderwerpe sal bespreek word.

Oor twee weke maak die Bestuur 'n aanvang met sy program met die hou van 'n dagseminaar waartydens onderwerpe soos Die Rol en Posisie van die Junior, en Die JBB se leidingsgewende Funksie en Skakeling met die Owerhede behandel sal word. Daar sal ook later vanjaar gepoog word om juniors te betrek by USKOR-projekte. Vanjaar se Bestuur wil graag gereelde en gesonde terugvoer na juniors bevorder en daarom sal bestaande kanale ondersoek en uitgebrei word.

Op 'n vergadering wat verlede week gehou is, het die JBB die SR gekritiseer vir sy reaksie op die veelbesproke SR-partytjie van verlede jaar. 'n Mosie wat met 'n meerderheid van stemme aangeneem is, lui:

"Hierdie Bestuur verwerp die futlose reaksie van die Studenteraad op die uitspattige SR-partytjie van verlede jaar en soos beliggaam in mosie 4/79. Weens die betrokkenheid van a) drie erekleure-draers van hierdie Universiteit en b) geld waarvoor elke student regtens verantwoording kan eis, word sterker optrede geëis. Dit moet duidelik gestel word deur wie en waarom die rekening wat opgeloop het ten tye van die partytjie, betaal is. Daar moet duidelik getoon word watter maatreëls getref gaan word en derglike gevalle in die toekoms te voorkom.

Uit die bespreking van die mosie was dit duidelik dat dit gegaan het om die beginsels van die saak en nie om 'n persoonlike aanval op enige individu of groep van individue nie. Die JBB was van mening dat die SR in sy reaksie onvoldoende blyke van deeglike verantwoording van studentebelange gegee het.




*"... Dus, menere, ingevolge die amendament op die S.R.-mosie no. 187 van 1937, gelees saam met die munisipale verkeersreël no.23/7 en art.23 van wet 16/1896 van die Transvaalse Republiek, kan hierdie Studenteparlement op hierdie stadium geen besluit oor die wenslikheid van diplomatieke betrekkinge met Guatimala neem nie!"*



*Ons eie Radio Matie besig om uit te saai. Voor die mikrofoon is Van Heerden Heunis.*

# MATIES KRY HUL EIE RADIO

VANAF 1 Maart spog die Stellenbosse kampus met sy eie Radio Matie. Dit was dan ook hoogtyd dat die Maties met hul eie radiodiens vorendag moes kom. Ses ander universiteite was ons immers op hierdie gebied voor!

Radio Matie het sy totstandkoming aan niemand anders as die Ikeys te danke. Op uitnodiging van hierdie buur-universiteit, het Deon de Kock, voorsitter van die LSS-Komitee, vroeër vanjaar die Radio Ikey-ateljee besoek. Mnr. De Kock het besef dat 'n soortgelyke radiodiens die probleem van oneffektiewe musiek-verskaffing in die LSS die hoof kon bied. Ook sou die totstandkoming van 'n sodanige radio die geweldige kommunikasieprobleem op Matieland oplos.

Radio Matie open soggens 08h30 en verskaf deurlopende musiek tot 16h30. Kampusnuus word elke middag om 13h00 gelees. Interne advertensies, d.w.s. advertensies aangaande kampusbedrywighede word teen minimale koste uitgesaai. Eksterne advertensies met direkte studentebelang sal ook uitgesaai word.

Radio Matie verskaf tans opleidingsgeleentheid aan dertien aspirant radio-omroepers. Hierdie getal sal mettertyd na vyf-en-twintig vergroot word.

# Trustbank bied studie-lenings

NOG 'n handelsbank het besluit om die studente-mark te betree. Volgens 'n persuitreiking wat vandeesweek deur die bestuurder van die Stellenbosse tak van die Trustbank, mnr. D.P. de Lange, gemaak is, sal dié bank nou ook studielenings aan studente beskikbaar stel. Die lenings is teen 'n baie lae rentekoers terugbetaalbaar.

Mnr. Tobie le Roux, 'n oud-Matie en studentesakebestuurder van die tak, het aan *Die Matie* gesê dat hulle hul veral toespits op finalejaarstudente. Enige student is egter welkom om hom te kom spreek, aangesien elke geval op sy eie meriete behandel sal word.

**Die bank bied ook 'n unieke nastudie-sorg, wat studente finansieël help nadat hulle afgestudeer het, aan. Die student het soms baie uitgawes direk nadat hy klaar gestudeer het.**

Volgens mnr. de Lange is studentelenings 'n groot uitgawe en aanvanklik vir hulle 'n verlies. Hulle belê egter graag in die toekoms van die jeug.

# Nusas dalk op Kampus

"NUSAS is radikaal. Sy oogmerke grens aan dié van die neo-Marxisme. Dit is 'n organisasie op pad, sonder 'n toekoms," aldus Chris Heymans, voormalige *Matie*-redakteur.

Volgens Auret van Heerden, huidige Nusas-president, is dit egter alles behalwe wat Nusas is. Nusas is nie wat Stellenbosch dink dit is nie. Nusas het verander, het "kalmer" geword en is nie langer 'n radikale organisasie nie.

Tot en met 1976 was Nusas 'n protes-organisasie. Vandag is dit egter nie meer so nie. Nusas glo nie langer aan die nut van protesbetogings nie. Dit gaan vandag om opvoeding – die proses waarin ons almal staan.

### OOGMERKE KRITIES

Nusas se oogmerke vir 1979 is om studente krities in te stel. Te veel dinge word summier aanvaar. Studente aanvaar te maklik dat die bestaande orde die enigste moontlikheid is.

Die oorsaak van hierdie toestand is die bestaande stelsel – die SAUK wat alles behalwe objektief is, die stelsel van Christelik-Nasionale Onderwys en die bevoorregte posisie van die blanke student. Kondisionering en voorspoed bring die wat vir die gebrek aan objektiwiteit, die aanvaarding van alles wat gesê en gedoen word as reg, verantwoordelik is.

### SKEPPENDE ROL

Só gesien, is Nusas 'n organisasie wat 'n skeppende rol wil speel in die vorming van 'n beter toegeruste en aangepasde mens wat 'n rol as individuele denker kan speel in die totstandkoming van 'n nuwe en beter bestel vir almal in Suid-Afrika.



*Die Geneeskundige Studenteraad vir 1979 is onlangs in Tygerberg verkies. Op die foto verskyn agter: v.l.n.r. Petrus van Zyl, Danie van der Merwe (voorsitter), Marietjie van der Merwe, Henk de Jongh; voor v.l.n.r.: Hennie Roos, Francois Laubscher, Tinie Muller, Caren Hugo, Dougie Baard, Shelley Cohen en Ross Naudé (ondervoorsitter).*

# perspektiewe en dinge

WAT sou ons gedoen het as ons nie kon praat nie? Sou Ali sonder sy groot mond kon boks, sou Hitler 'n ryk kon opbou sonder opruiende toesprake, sou Stellenbosch Stellenbosch gewees het sonder gesprekke?

Ek stap die anderdag in Victoriastraat af. Verveeld met die halwe kilometer huis toe, begin ek toe luister na die geselsende groepe om my. Skynbaar onbewus van die wêreld, loop die groepies twee-twee, vier-vier of sommer klompe-klompe die sypaadjie vol. Die meeste van hulle is verdiep in 'n stapgeselsie. 'n Mens kan die prater van ver af uitken aan die ongekoördineerde bewegings.

**Dit is nogal interessant om so 'n slag te luister waaroor mense gesels. Jy kan nie help om te dink aan die verskeidenheid van belangstellings, agtergronde en oortuigings wat hier op die kosmos van Stellenbosch saamgegooi word nie.**

'n Modeparade van oulike dames (ek kan nie help om op te merk dat hulle oulik is nie) sweef by my verby op hul hoë hakke. Soos dit hulle betaam, gesels hulle oor die laaste dans wat hulle bygewoon het. Elkeen brand natuurlik om háár kant van die storie oor te vertel. Die res luister lustig toe, maak nie saak of hulle dit al voorheen gehoor het nie.

### SPORTMANNE

'n Entjie verder kom ek 'n klomp kortbroekdraers teë. Die belangrikste is om so sportief moontlik te lyk; die meisies hou mos van die aktiewe manne. Hulle vind blykbaar 'n krieketbal te rond, want die naderende rugbyseisoen is onder bespreking. Die WP se kanse om die Currie-beker in te palm word seker nog vir die res van die dag bespreek.

Twee duifies hang by my verby. Dis moeilik om agter te kom wie vir wie regop hou. Wat hulle vir mekaar sê, weet ek nie, maar ek kan raai.

Op die straathoek staan twee "intellektueles" en argumenteer oor die een of ander politieke aangeleentheid. Dit wil amper voorkom asof die toekoms van SA in hul hande geplaas is. Na 'n verdere uur se samesprekinge verlaat hulle mekaar moontlik met dieselfde standpunt oor die aangeleentheid.

'n Paar tentrokke met allamintige mandjies en sakke oor die skouer (ek sou graag wou weet wat hulle alles daarin versteek) drentel ook rond. Ek dink nie hulle weet mooi waarheen hulle op pad is nie. Een of ander hoogdrawende onderwerp word met uitheemse, niksseggende woorde bespreek. Vir my klink dit bra na Grieks — maak nie saak nie, dis deel van die "image" (so 'n afwesige voorkoms). 'n Mens skuil maar somtyds jou nukke agter so 'n front.

**kobus pienaar**

Die alleenlopers het ek ook opgemerk; sommige doodgelukkig in hul droomwêreld van geen geselskap en ander ongelukkig omdat niemand naby is nie. Daar's baie van die sulkes op Stellenbosch — mense wat eenvoudig anders is, hetsy deur hul eie toedoen of weens omstandighede. Die meeste van hulle smag ook maar van tyd tot tyd om 'n geselsie aan te knoop; al is dit ook net om ontslae te raak van al hul frustrasies van 'n eensame lewe.

**Die mens is nou eenmaal 'n sosiale wese; kommunikeer moet hy. Dit is net baie gevaarlik om te eensydig te wees in jou kommunikasie. 'n Mens raak maklik in 'n groef vasgevang. Uitkomkans is min. Hoewel dit doodnatuurlik is dat 'n mens heeldag en aldag in dieselfde ou groepie klas toe stap, aan etenstafel sit, uitgaan of gesellig verkeer, kan dit dikwels 'n baie nadelige uitwerking op 'n persoon hê.**

As gevolg van 'n gegroefde lewe ontwikkel 'n mens baie eensydig en kan jy later net oor sekere sake gesels. Jy voel heeltemal ontuis in vreemde geselskap en ongelukkig dat jy uit jou eentonige roetine gegooi word. Dis soos 'n dwelmmiddel wat jy later nie meer kan afskud nie.

**'n Gebalanseerde lewe en deelname aan 'n groter en breër spektrum van die gemeenskap is vir my van groter waarde as die geslote ou kringetjie waarin jy die res van jou lewe sluit, sonder dat enigiets interessants ooit gebeur. Hierby moet ek darem ook sê dat jy jou belangstellings so moet kies dat jy nie 'n halfbak op alle gebiede raak nie.**

Eers as 'n mens uit die verslawende omstandighede van 'n enge vriendekring uitkom, kan daar gepraat word van die pratende sosiale wese wat *mens* genoem word.

### SAKE VAN DIE DAG

Dit alles bring my by die tweede punt. Daar is baie van ons wat lekker kan gesels oor braaivleis, rugby, sonskyn en motorkarre; min weet egter waarvan hulle praat as dit kom by die politiek. Belangstelling in die sake van die dag word taamlik afgeskeep. Dit kos blykbaar te veel inspanning om die koerant van voor af deur te lees. Die lekkerste, wat vir die laaste bladsy gehou word, word sommer eerste bygedam en daarmee basta.

Dit is blykbaar ook nie mode om jou meisie na 'n openbare vergadering te neem nie. (My pa het sy vrou die eerste keer na 'n politieke vergadering uitgeneem; ek het nog nooit so 'n gelukkige huwelik in my lewe gesien nie.)

Daar is verskeie organisasies en groepe op die kampus wat byeenkomste reël om studente in te lig aangaande die gebeure van ons tyd. Hoe's die storie nou weer van Mohammed en die berg? **Deesdae word besprekingskringe in die koshuise georganiseer; dit alles vir die gerief van die luies onder ons. Selfs dan kom hulle nie eers uit hul gate nie.**

Organisasies soos US-Gesprek, die ASVS en SAAK probeer om die studente by sulke geleenthede te betrek. 'n Skrale persentasie woon hierdie vergadeings by; dan ook maar dieselfde ou klompie.

### OORKANT DIE WATER

Studente oorsee word verplig om vakke te neem wat hulle meer insig sal gee in die samestelling van die gemeenskap. Voorbeelde hiervan is kursusse in Staatsleer en Geskiedenis. Dit behoort darem seker nie in SA nodig te wees nie. 'n Mens sal egter daaraan moet dink om studente te verplig om ten minste een maal per kwartaal 'n vergadering van een van bogenoemde organisasies by te woon. Hoe's daai vir 'n mosie wat in die Studenteparlement bespreek kan word?

U sal met my saamstem dat 'n mens nie van brood alleen kan lewe nie. Studentwees beteken ook nie net pret en plesier nie.

Minister Heunis sit toe mos die voorblad van *Die Burger*, en letterlik ook sy klein wit motortjie, vol om vir ons 'n voorbeeld te stel.

Ek het reeds tevore oor motorkarre gesels en gaan dus nie weer 'n lang relaas daaroor hê nie. Ironies genoeg ry 'n kabinetslid deesdae met 'n gemiddelde studentemotor. As 'n mens in gedagte hou dat 'n gewone student se lewenstandaard ietwat laer behoort te wees as dié van kabinetslede, sal ons van ander vervoermiddele gebruik moet maak om by omstandighede aan te pas. Hoe sal dit lyk as die SR-lede almal begin trapkar ry?

**Omdat ek nie onder die groot kokkedore op die kampus tel nie, kan ek nie aanspraak maak op 'n voorbeeld vir die res van die studente nie. Ek het nietemin die Karnavaldans te voet bygewoon en tot dusver geen siekte as gevolg daarvan opgetel nie.**

# Muggies in die Neus

Dis karnaval. Die optog het so pas begin beweeg.

"En daarmee saam 'n nuwe jaar en 'n nuwe lewe," gryp Hennie Thom se harsings na geykte sinsnedes. Hy staan op die Kudde-baron se stoepie met 'n verkyker. Dis kwart oor twaalf en die menigte sweet teen mekaar. "'n Kaleidoskoop van perversie," flits dit in Hennie Thom se wese en hy sien sy debuutbundel groot in die lug.

Richelieu Craven en sy vriende staan vanoggend buite die Bron en een breek vermakerig 'n wind in die menigte. Maar niemand hoor dit nie. Dis karnaval.

Die histerie van ACS Veldman word geregverdig wanneer die trompoppies hul dele bring. Die normale siele dors na die ronde ritmes. ACS Veldman trek sy lang sokkies aggressief op en vloek onhoorbaar oor die kousrekke wat aanhou oprol. Sy bypassende kortbroek klok wyd oor sy bleek bene. Miskien moet hy weer 'n slag briewe skryf. Sommer aan Die Vaak, Die Apatie en moontlik kan Inbraak ook iets daarvan maak.

Skoon Huid en haar eweknieë kyk vermakerig na die sweetkolle wat donker onder die poppies se oksels kring. Niemand gee egter om nie, want dis karnaval.

Jan Unus, eerstejaar, geniet die môre sonder voorbehoud. Hy is nou Matie en almal is Matie. Hy skud sy blikkie wat musiek, waarop die gees dans, geword het, en bykans almal saamsnoer tot 'n emosionele wulpsheid.

Die Gideon van hierdie Karnavalbende mymer gierig. "OESTOR gaan weer rekord-wins maak. Ten mate van OESTOR — geld asseblief, die gesindheid tel nie — geld asseblief, die nate moet bars."

In die drukte help klein bruin handjies sonder seremonie fondse wat nie spontaan in die blikkies wil plof nie, insamel om OESTOR te laat lewe.

Die spul draai by die sirkel en Simon van der Stel drink Coke op 'n vlot. 'n Anachronisme staan onder die foto in die volgende uitgawe van Die Apatie en diegene wat weet wat dit beteken, lag nie daarvoor nie.

Colin Liber, ondersteuner van die Amptelike Proposisie, deel hierdie gevoel op die posbus twee meter bo die massa. Wit en bruin meng sonder moeite dié Saterdagmôre, en selfs die Regeerskoalisie lyk vriendelik op hul nuwe seven-fifties.

In die menigte beur Piet Potlood sonder om presies te weet wat alles eintlik beteken en die rumoer knel hom. Hy beweeg, maar slaag nie regtig om weg te kom nie. Hy skree hard om hulp — en almal skree saam. Dis karnaval.

# Ou Wyn in Nuwe Vate . . .



*DAG na dag dra Hy ons.*

God is nie net die God van die grote geskiedenis nie. Die hede is vir Hom net so belangrik. Hy weet dat 'n jaar uit twaalf maande en 365 afsonderlike dae bestaan. Daarom stel Hy Hom as *Ek is* aan Moses voor en leer Jesus ons om vir ons *daaglikse* brood te bid.

Dikwels dra ons die drievoudinge las van gister se probleme én vandag se hindernisse én môre se bekommernisse. Geen wonder nie dat Christelike vrede plek maak vir beswaardheid.

In die warrelwind van opeenvolgende dae verloor ek soms myself, word ander mense punte op my program en verbeur ek sinvolle gemeenskap met God. Dan moet ek leer dat Jesus Christus steeds in getrouheid dieselfde bly. Ek moet leer om 'n muur rondom vandag te bou.

Gelukkig is God ook méér as net vandag. In die Vaderhuis sal daar nie meer dae en nagte wees nie. In God se ewige teenwoordigheid word óók tyd saam met moeite en sorge opgehef.

PIET NAUDÉ

# The other side of the mountain (13)

*DOCTORS bury their mistakes, lawyers hang theirs; but journalists print theirs on the front page.*

Standing on the top of a man-made mountain, a rubbish dump. Sisyphus picks up the latest edition of the *Citizen*. He browses through it, stopping short at the editorial. With some wonder he reads what must be unique in the annals of South African journalism — instead of an editorial in which there is sobre judgment and carefully planned partisanship, we find a jerky, snappy style in a permanent state of inebriation. Sisyphus shakes his head. Such heady stuff is bad for his system — next thing you'll have him volunteering for the border with thoughts of *Dulce et decorum est* — God forbid!

Then he picks up a copy of the *Sunday Times* (you didn't expect that, did you!) and beginning from the back, he eventually arrives at an article by Steven Mulholland, which suggests that English-speaking South Africans be allowed to form a separate government in Natal. Sisyphus scratches his head. He had always thought that the newspaper's staff were solidly against separate development. Perhaps they're sick and tired of bomb threats from rightists, and are now trying to appease them.

"Which reminds me," says Sisyphus, picking up a *Rand Daily Mail*, "if there is any paper which must be especially alert with its security precautions, it is this little muckraker. Mind you, one can only admire it for its audaciousness. A case that immediately springs to mind is their reporting of racial discrimination in Anglo-American on the front page "*nogal*"! Anglo's relationship with *The Argus* and SAAN publishing groups (The English language newspapers) may be one of "enlightened self-interest, but even the temper of a benign dictator can be tried. A corporation, the size of Anglo, doesn't particularly like being embarrassed, especially when it has a record of moving towards racial equality."

Strewn around are a number of *Burgers*, but Sisyphus ignores them. Too wishy-washy, in his opinion. Toe the government line is the name of the game. Previously regarded as the more *verlig* of Afrikaans newspapers, they seem to have become increasingly snotty and official; their former role being substituted by *Rapport*. "Sometimes I think I even prefer those *verkrampte* Transvaal papers with their honest stupidity and prejudice." That's Sisyphus being peverse of course.

Suddenly Sisyphus laughs. He has just seen the cartoon depicting a dog with a squint-eyed human face (closely resembling SABC's television commentator Cliff Saunders) listening to His Master's Voice, a large grammophone? No, he has merely thought how fitting it is that the satire, sensationalism and seriousness that go up to make newspaper, should land up on a rubbish dump. That the tremendous power and influence it wields should be counterbalanced by something which lies in its own nature, something fleeting, something insubstantial.

JOHN McCALLUM

# Waarom word ons wettig geskei?

**PETER VAN RYNEVELD, HELSHOOGTE, Skryf:**

DIE slotopmerking van my vorige brief was dat apartheid 'n hindernis is vir persoonlike kontak tussen die rassegroepe in Suid-Afrika. Maar hoekom moet ons apartheid handhaaf?

Dit is nie 'n noodwendigheid dat verskillende rassegroepe gedwing word om met mekaar te meng nie, of om vriende te maak of mekaar te leer ken nie. Waarom moet ons steeds deur wette geskei word? Die newe-effek hiervan veroorsaak probleme om goeie verhoudinge tussen Suid-Afrikaners, van watter ras ook al, tot stand te bring.

### KUNSMATIG

Van selfs groter belang is die vraag waarom nie-blankes verhinder word om met ons te meng? Wat is fout daarmee? Hoekom het ons hierdie kunsmatige beskerming nodig?

Dit dan is my groot beswaar teen die huidige onderwysstelsel en die stelsel van groepsgebiede in Suid-Afrika. Ons word groot in 'n blanke voorstad, gaan na 'n skool vir blankes en 'n blanke universiteit, en met mondigwording is ons nog suiwer wit!

**Strek dit ons tot voordeel of nadeel? Dink aan die vriende wat by die universiteit, sportveld, strande en sosiale geleenthede leer ken word. Hulle is amper almal wit. Die tragedie is dat ons die geleentheid ontneem word om op dieselfde manier vriende te maak met die nieblanke jeug; hulle verteenwoordig immers 'n driekwart van ons bevolking.**

So 'n situasie is bejammeringswaardig, veral gesien in die lig van die feit dat ons kinders dieselfde gebrek sal ly indien ons nie nou iets daaromtrent doen nie. **Vir diegene wat op hierdie stadium nie met my saamstem nie, wil ek dit stel dat die apartheidstelsel vir ons blankes 'n baie gunstige en gerieflike een is.** Die witmens vorm verreweg die rykste sektor van ons land se bevolking, en basies kan ons met die politieke en ekonomiese status quo relatief tevrede wees. Hoekom is dit dan nodig om ons houding t.o.v. ander Suid-Afrikaners te laat verander?

### ASPIRASIES

Ek verwys diegene wat so voel na my vorige brief (*Die Matie*, 22 Februarie). Wat het die swart meisie vir ons gesê? Baie van dié nie-blankes wil ook deel in die geriewe en voorregte wat ons op die oomblik geniet. Hulle het dieselfde verwagtinge en aspirasies as ons. Wettige apartheid en 'n diskriminerende houding van die kant van die blankes verhinder baie van dié mense om hul ten volle uit te leef.

**Ons moet besef dat apartheid vir ons voordelig is omdat ons *binne* die stelsel lewe. Baie van hulle lewe *onder* hierdie stelsel.**

### LEER KEN

Elsa Joubert het gesê dat as ons 'n toekoms in hierdie land wil hê, ons mekaar moet leer ken. My hoop is dat 1979 vir baie Maties 'n jaar van *mekaar leer ken* sal wees.



*Drie stralende gesigte. Die joolkoningin, Tina Louw, en haar twee prinsesse, Anette Marais (links) en Kosie Weideman glimlag breed nadat die uitslag by die Kroningsbal bekend gemaak is.*

# *BEDELARY — WAT MOET ONS DOEN?*

**DIE AFR. CSV skryf:**

AAN die einde van verlede jaar is daar 'n baie netelige saak in die briewekolom aangeroer, naamlik bedelary en ons reaksie daarop. Op versoek, wil die Afr. CSV riglyne in dié verband daarstel.

Die norm in hierdie situasie is vir die Christenstudent naasteliefde, en daarom kan hy nie hierdie verskynsel goedsmoeds ignoreer nie.

### PROBLEEM EN SIMPTOME

'n Belangrike onderskeid wat gemaak moet word, is tussen die probleem self en die simptome van die probleem. Bedelary op Stellenbosch is in die meeste gevalle 'n simptoom van 'n veel groter probleem. Deur slegs op die simptome te konsentreer word die probleem veel eerder bevorder.

Die oorsprong van die probleem kan gesoek word in werkskuheid (sosiologiese en psigiese probleem), alkolisme (maatskaplike probleem), of 'n liggaamlike gebrek (fisiese probleem).

**In die meeste gevalle sal die bedelary alleen oorkom word as die offensief gerig word teen 'n breë front van probleemareas. Ons verantwoordelikheid lê dus o.a. daarin om kragte saam te snoer met, en finansieel by te dra tot, instansies wat reeds erns maak met sekere van die probleemareas. Reguit gestel, beteken dit dat ons op Stellenbosch *USKOR* heelhartig sal steun en finansiële hulp aan *TOEVLUG* (rehabilitasiesentrum vir Kleurling-alkoliste) moet verleen.**

Wanneer ons só probeer om die probleem die hoof te bied, beteken dit nie dat ons nie meer met die "simptome" in aanraking sal kom nie. Die vraag bly dus steeds: Wat staan ons te doen?

### MOENIE IGNOREER NIE

Dit is belangrik dat die Christen nie die mens in sy onmiddellike nood mag ignoreer nie. Dit is onmoontlik om 'n gedragspatroon wat vir elke vorm van bedelary geldig kan wees, op papier uit te werk. In so 'n situasie moet ons in afhanklikheid van die Here optree. Die volgende punte kan miskien as algemene riglyne dien:


- **Gee voedsel i.p.v. geld.**
- **Bied oplaai aan i.p.v. geld vir 'n kaartjie.**
- **Beloon vir teenprestasie (Laat hom motor was vir brood.)**
- **Tree in gesprek ten einde die probleem te identifiseer en handel dan.**
- **Doen *moeite* en gee jou *tyd*.**
- **Moenie by die simptoom bly nie!**

# ANSOC GETS TOGETHER

BILL Burnett, Archbishop of the Anglican Church and Trevor Goddard (ex-Springbok cricketer and now an Anglican minister) will be in Stellenbosch in March, from the 4th to the 10th, to talk in a series of meetings in St Mary's Anglican Church (on the Braak) and on campus.

**Archbishop Burnett will speak at 8.00 p.m. each evening from Monday to Friday in St Mary's. Two student meetings in the Vrouevereningingsaal at 1.15 p.m. on Tuesday and Wednesday will be addressed by Bill and Trevor respectively.**

Trevor Goddard will be in Room 406 (SCA office) in the LSS from Tuesday to Friday for those who would like to see him personally.

DIE MEESTE BANKTYD VIR DIE BESIGE STUDENT

Weekdae 8 vm. - 4.30 nm. (Woensdae ook)
Saterdae 8 vm. - 11.30 vm.
Dit is 13½ uur meer per week — so goed soos 1½ dag ekstra elke week.
Ons Stellenbosse studentesakebestuurder, mnr. Tobie le Roux, nooi studente vir 'n koppie tee of koffie by ons gerieflik geleë kantoor



Mnr. Tobie le Roux


in Die Trust Bank-sentrum, Andringastraat, Stellenbosch. Tel. 71200.

Spesiaal ontwerpte knipbord-vouers is gratis beskikbaar aan Trust Bank-spaarrekeningkliënte. Ons bied ook alle bouverenigingdienste.

Daar wag 'n nuwe wêreld vir u by Die Trust Bank.

DIE TRUST BANK
Gereg. Algemene Bank

595/688 A



*Tinus van Staden (Eendrag) teken 'n val teen 'n Dagbreker aan. Dagbreek se eerste en tweede span het skoonskip gemaak op Vrydagaand se interkoshuis-stoeitoernooi deur die eerste en tweede plekke te behaal. Huis Marais het derde geëindig.*

# DAGBREEK OORHEERS STOEI

'n BAIE geslaagde interkoshuis-stoeitoernooi is verlede Vrydagaand 2 Maart in die D.F. Malan-gedenksentrum afgehandel. Die toernooi is heeltemal deur Dagbreek oorheers en met die lewendige ondersteuning van die groot aantal Dagbrekers wat as toeskouers opgedaag het, het die Dagbreekspanne, Eiffel en John Murray, die eerste twee plekke ingeneem, met Huis Marais derde.

Die stoei was nie deurgaans van 'n hoë gehalte nie, maar die groot entoesiasme en die mooi gesindheid onder die stoeiers het vir die gebrekkige tegniek en ondervinding vergoed. Die organiseerders van die toernooi verdien 'n pluimpie vir die groot aantal stoeiers, swoat tagtig, wat deelgeneem het. Sover bekend is dit die meeste stoeiers sedert die vyftigerjare, wat aan hierdie toernooi deelgeneem het.

'n Opvallende kenmerk van die toernooi was dat slegs twee van die agt-en-dertig gevegte op punte beslis is en die volle drie rondtes geduur het. Amper al die gevegte is met 'n val in die eerste rondte beslis.

Die twee gevegte wat die volle drie rondtes geduur het, was die hoogtepunte van die aand en die beste stoei is in dié gevegte gesien. Rademeyer van John Murray het in 'n baie opwindende geveg Kotze van Simonsberg met punte geklop. Die hare het letterlik gewaai en die skeidsregter het sy hande vol gehad om die twee kêrels op die mat te hou. In die ander geveg het K. Faasen van John Murray uitstekend gestoei om die oorhand oor sy gewillige opponent in die derde ronde te kry.

Die geveg wat die sowat 400 toeskouers die meeste genot verskaf het, was tussen Enslin van Huis Visser en Uys van Eiffel in die afdeling vir stoeiers bo 100 kg. Hierdie twee vriendelike reuse het mekaar keer op keer tussen die stoele ingeslinger, tot groot ongerief van die naaste toeskouers, voordat Enslin teen die einde van die eerste rondte 'n val aangeteken en sodoende die geveg in sy guns beklink het.

In die kortste geveg van die aand het Laubscher van Eiffel sy teenstander in die eerste rondte onverhoeds betrap en binne sewe sekondes met 'n val gewen. In nog 'n interessante geveg het De Villiers van Huis Marais gewen nadat Van Zyl van Eendrag moes onttrek na 'n besering. In daardie stadium was Van Zyl voor op punte.

Groot luister is aan die toernooi verleen deur die teenwoordigheid van mnr. Bredenkamp, ere-president van die WP Amateur-Stoeivereniging, en die Matiestoeier, Fanie Vermaak, wat deur die WP gekies is om deel te neem aan die Springbokproewe vir die toer na die Verre Ooste later vanjaar.

Die seëvierende Eiffelspan is aan die einde van die toernooi op gepaste wyse deur die Mej. Matieland, Tina Louw gelukgewens.

In terugblik, 'n laaste vraag. As 'n koshuis soos Dagbreek drie spanne vir die interkoshuis-stoeitoernooi kon inskryf en die Dagbrekers in groot getalle optrek om hul spanne te ondersteun, wat het by die ander koshuise verkeerd gegaan?

# *Hoogtepunte verwag by atletiek*

VANJAAR sal die Universiteitskampioenskappe op 10 Maart weer 'n groot hoogtepunt in Matie-atletiek wees. Met sewe Springbokke en vyf Junior-Springbokke wat deelneem, beloof dit om 'n goeie byeenkoms te wees. Onder die mans is dit moeilik om 'n hoogtepunt te voorspel, maar die 800m en 1500m vir vroue behoort die hoogtepunte onder die vroue te wees.

Twee nuwelinge, Bertie de Wet en Gerald Gray, pak mekaar in die 100m vir mans. Beide spog met 'n tyd van 10,7 s hierdie seisoen. Bertie het reeds die eerstejaarstitel ingepalm. Dirkie van Niekerk is nie in die Intervarsityspan ingesluit nie en sal probeer wys dat hy besig is om sy vorm te herwin. In die 200m sal Willie Loots moet uithaal om dié drie manne te klop.

Julian Marsay sal baie graag wil verbeter op sy beste tyd van 3min. 45,2 s in die 1500m. Hy het dié tyd slegs 'n uur na 'n 3000m hindernis van 8min. 35s behaal. Clive Dale sal sy sterkste teenstander wees. Sy beste tyd hierdie seisoen is 3min. 45,3s. In die 800m spog Danie Goosen met 'n tyd van 1min. 48,5s, en Dirkie Breedt en Lourens Erasmus sal alles uithaal om die 1min. 50s grens verby te steek.

## VELDNOMMERS

Onder die veldatlete sal die uitblinker seker Izak Kotze wees. Nadat hy onlangs slegs die derde Suid-Afrikaner kon word om die werpskryf verder as 60m te gooi, sal hy beslis probeer om dit weer te doen. Matie-atletiek beskik oor goeie talent in die spiesgooi. Die twee juniors, Louis Oliver en René de Wet, is sterk kompetisie vir Johan Oosthuizen en Piet van der Merwe. Louis het onlangs die S.A. rekord van Johan Oosthuizen met 'n gooi van 76m verbeter. Willie Prinsloo is 'n groot aanwins in die verspring en driesprong. In die paalspring het Maties twee puik atlete. Deon Smit spog met 'n beste hoogte van 4,50m en Andre Franken met 'n hoogte van 4,40m.

In die 5000m sal ons Andries Krogmann, Victor Liebenberg en Johan Dreyer in aksie sien. Dit behoort 'n baie gelykopstryd te wees. Die verskil in die manne se tye vir die 3000m is baie klein. Krogmann het op die Boland Bank-byeenkoms 'n welkome terugkeer tot die baan gemaak met 'n goeie 8min. 6sek. in die 3000m. Johan Duffue, Paul Viljoen en E. van Eck pak mekaar in die 3000m hindernis.

Willie Loots en Dirkie Breedt sal in die 400m in aksie gesien word. In die 400m hekkies sal die manne mekaar ook goed opkeil. Die twee beste atlete is Kobus Visser en Kobus Dippenaar.

## DAMES

Van die dames kan ons in die 800m sowel as in die 1500m goeie tye verwag. Analise Kuun en Aneen de Jager hardloop in beide nommers en Janette Viljoen sal aan die 800m deelneem. Patsy Sharples en Judy Ryan sal aan die 1500m deelneem. Frieda du Plessis neem aan die kort naellope en ook die 400m deel. In die 400m hekkies sal Brenda Krogmann graag haar beste tyd van 60,1s wil verbeter. Isabel Kock neem ook aan die wedloop deel.

Na 'n puik eerstejaars-byeenkoms en met soveel talent kan ons puik atletiek verwag. Die senior atlete sal moet ligloop vir die nuwelinge.

## *Neem Kennis*

GEDURENDE die vakansie het 'n hele paar redaksieposte vakant geraak. Aansoeke om die volgende poste word ingewag:

**Advertensiebestuurder**
**Sub-redakteur, Sport**
**Drie sportverslaggewers**
**Sosiale verslaggewer**
**Fotograaf**
**Sekretaresse**

Hierdie is 'n gulde geleentheid vir almal wat joernalistieke ondervinding wil opdoen. Rig aansoeke met toepaslike ondervinding asook die redes waarom u in so 'n pos belangstel aan: Die Redakteur, *Die Matie*, LSS. Die sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag, 8 Maart 1979.

**Eerstejaar-studente is welkom!**

# RUGBY REEDS VROEG AAN DIE GANG

VANJAAR is natuurlik 'n belangrike jaar vir die Stellenbosse Rugbyklub, want hulle splinternuwe rugbystadion word op 31 Maart ingewy. Die rugbyseisoen begin egter al vroeër in Maart en vir speler en toeskouer sal Maartmaand reeds 'n bedrywige een wees.

Die eerste wedstryde word reeds op 17 Maart op die nuwe stadion gespeel wanneer 'n Junior en Senior Markotterspan onderskeidelik teen Hamiltons en die Ikeys kragte meet. Op 24 Maart speel die Markotters teen 'n Bolandse XV-tal en die Danie Craven-Uitnodigingspan meet in die hoofwedstryd kragte met die Wêrelduitnodigingspan wat in S.A. kom toer. Op 31 Maart, wanneer die stadion ingewy word, kom die Maties in hul jaarlikse kragmeting teen die Tukkies te staan.

## NUWELINGE

Vir die nuwelinge op Stellenbosch is daar in die week van 19 Maart 'n toernooi gereël. Tesame met hierdie toernooi, word daar vanjaar ook 'n toernooi gehou vir alle senior studente wat nog O/20 is. Volgens mnr. Dawie Snyman, rugbyorganiseerder, is dit baie belangrik dat die jong spelers hierdie geleentheid sal gebruik om te wys wat in hulle steek, want van die Rugbyklub se kant af wil hulle nie hê dat die spelers eendag hier moet weggaan, en voel dat hulle nooit 'n kans gekry het om hulself te bewys nie. Die nuwelinge en ook die senior O/20-studente moet dus hierdie kanse wat hulle gegun word ten volle gebruik.

Die Mont Rouge-Sewestoernooi vir senior koshuisspelers vind reeds op die 24 Maart plaas. Daar is aantreklike finansiële voordele vir die koshuisklubs aan hierdie toernooi verbonde. Die toernooi sal op 'n Round Robin-basis geskied en 42 wedstryde sal in die bestek van 3 uur gespeel word. Die eerste Sauerbeker-wedstryd vind vanjaar reeds voor die vakansie plaas op 30 Maart.

## COETZENBURGKLUB

Vroeg in Februarie vanjaar is daar 'n splinternuwe klub op Stellenbosch gestig, nl. die Coetzenburgklub. Hierdie klub is hoofsaaklik gestig om aan alle oud-Matierugbyspelers en lojale ondersteuners die geleentheid te bied om nog aan die Stellenbosse Rugbyklub, verbonde te wees.

ON-THE-SPOT
DROOGSKOONMAKERS
H/v Andringa- en Kerkstraat
20% AFSLAG VIR US SE MENSE
Probeer ons Selfdien Muntstuk Wassery

# MATIE-RYERS VOL MOED

DIE fietsrykalender vir die jaar word verdeel in 'n baan- en padseisoen. Die huidige baanseisoen (Oktober 1978 – Maart 1979) het die deelname van Matie-ryers na 'n afwesigheid van 'n hele paar jaar gesien.

Na 'n aantal goeie vertonings het Wimpie van der Merwe en Rassie Smit gepromoveer vanaf Klas C na Klas A en B onderskeidelik. Wimpie het as naelryer ontpop deur tydens twee agtereenvolgende byeenkomste die WP se beste naelryers te klop. Hierdie vertonings het hom 'n plek besorg in die WP span wat die interprovinsiale Rapportbeker-kragmeting teen die OP en SWA. Gesien teen die feit dat beide jaers hulle eerste baanseisoen deurmaak is dit 'n noemenswaardige prestasie.


## VERSTERK

Die Van der Stel-fietsryklub het op die 31 Desember ontbind en die lede het by die Matieklub aangesluit, waardeur die klub aansienlik versterk is. Hulle beskik nou oor vier provinsiale ryers waaronder die Matie-Springbok Hans Degenaar en die puik junior, Willie Engelbreacht tel. Daarbenewens is daar 'n sterk middelklas groep, asook verteenwoordiging in al die ouderdomsklassifikasies (senior, junior en jongelinge) en ook 'n paar nuwelinge.

## PADSEISOEN

Die padseisoen begin op 21 April met die Argus-toer en loop ten einde vroeg in Oktober met die internasionale Rapport-toer. Omdat die klub potensieël die sterkste in die WP is word daar nou met veel verwagting uitgesien na 'n opwindende padseisoen.


Wynkenners kies
Witzenberg
-ware wyn van die land
Witzenberg
LANDKEUR
KEURIGE ROOIWYN
CHOICE DRY RED WINE
Witzenberg
LANDKEUR
STEIN SELECT
HALFSOET WITWYN
Waar wyn 'n leefwyse is, is Witzenberg
die keuse. 'n Wye reeks van natuurlike, eerlike
landwyne – geurig vir die neus, vrugtig
op die tong, suiwer genot uit die wingerdstok.
Kennerswyn vir aldag se skink.
Teen 'n prys waarop elkeen kan klink.
Die manjifieke Witzenberg-reeks
Droë Wit · Perlé Rosé · Perlé · Keurige Rooiwyn · Stein Select · Edelgoud Late Harvest
NOU OOK IN DIE SIERLIKE 2-LITER MAKSI-KRUIK



*Cari Rose-Innes, afrigter van die Maties en die W.P., hier in aksie in 'n binnenshuise hokkiewedstryd in die D.F. Malan-sentrum. Hierdie vinnige, opwindende spel raak al meer gewild in die W.P. en die Maties het een van die beste spanne.*

# Binnenshuise hokkie 'n toeskouersport?

BINNENSHUISE hokkie, 'n spel wat oorsee baie gewild is en groot belangstelling gaande maak, het in 1976 op Stellenbosch begin groei en in die afgelope vier seisoene het die 1ste manspan slegs een wedstryd verloor, nl. die wedstryd teen WP-klub op 15 Februarie 1979, wat WP 5-4 gewen het. In die vier seisoene het ons 1ste span ook nog net teen Bergvliet met 6-6 gelykop gespeel. Die ander wedstryde van die huidige seisoen, teen Constantia (11-2) en Ikeys (8-1) is in ons guns beklink.

Die effense verswakking kan toegeskryf word aan die feit dat die klub sleutelspelers soos Cari Rose-Innes (beseer), Adriaan van Eeden (siekte) en Lindsay Reid-Ross (militêre diensplig) verloor het. Die klub spog egter steeds met ses WP-spelers uit 'n groep van tien – 'n vol span bestaan ook net uit ses spelers. Dié spelers is David Reid-Ross, Tokkie Smuts, Keith Steward, Andy Roctan, Colin Bonds and André Fourie. Cari Rose-Innes is ook die WP-afrigter.

Wat die dames betref, het hulle, soos die mans, verlede jaar die vroueliga gewen. Vanjaar het hulle gelykop gespeel teen Ikeys 4-4 en verloor teen WP-klub 3-4. Van die grootste uitblinkers in die damespan is M. Pasons (doelwagster), C. Rossouw en M. Middleton.

Ons binnenshuise hokkiespanne neem van 8-10 Maart aan die interprovinsiale toernooi in Johannesburg deel. Die Kampioen-van-Kampioene toernooi word vanjaar in April op Stellenbosch aangebied. Alle wedstryde word in die D.F. Malan-gedenksentrum gespeel. Veral by hierdie toernooi, maar ook by ander tuis-wedstryde, sal 'n groter toeskouertal bemoedigend wees.

### OPWINDEND

Die spel, vir die oningeligtes, is baie opwindend en verskil hemelsbreed van veldhokkie. Die reëls en die stokke is anders en die spel is baie meer vloeiend, veral aangesien die bal nie uit kan wees nie, die kantmuurtjie rondom die vloer word baie takties ingespan om 'n teenstander te klop. Die sport het dus baie groot toeskouersmoontlikhede, veral in die lig van die feit dat die kompetisie nou baie interessant is; 'n baie hoë standaard word gehandhaaf, die toeskouers is naby die spel, dis opwindend en die wedstryde is van korte duur; mans speel 40 minute en dames 30 minute.

Die klub word egter deur gebrek aan toeskouers gekortwiek omdat die huurkoste van die saal baie hoog is. Sonder toeskouers kan die spel sterf . . .

# JUDO : FEESJAAR

DIE Stellenbosse Judoklub, met sy klein ledetal, het verlede jaar uitstekend presteer. Hul toewyding en geesdrif is beloon deurdat vyf lede erekleure ontvang het en boonop het hulle die Ikeys in die Intervarsity die loef afgesteek.

Vanjaar gaan sukses die wagwoord wees, want die klub beskik weer oor Jan Olivier as 'n voltydse afrigter. Sy aanstelling as afrigter van die S.A. Universiteite-span asook die verwerwing van sy vierde internasionale Dan in Desember verlede jaar is bewys van die nuwe afrigter se bekwaamheid.

### SPRINGBOK

Die Springbok, Elize Pieterse, is die ander welkome aanwins tot die klub.

Boonop is die probleme rakende die oefengeriewe opgelos, want die judomatte in die Van der Stel-sportkompleks word permanent gelê.

Stellenbosch is vanjaar gelukkig om die twee belangrikste nasionale kompetisies aan te bied, nl. die SA Universiteite-kampioenskappe (5-7 Julie) en die SA Kampioenskappe (12-14 Julie), wat albei in die D.F. Malan-sportsentrum aangebied sal word.

Daar sal vanjaar ook 'n ope Matiekampioenskap wees wat beloof om een van die belangrikste kompetisies in die Boland te wees.

Vanjaar is dus 'n lekkerny-jaar vir alle judo-geesdriftiges en om daaraan te kan deel kan beginners en oud-stryders Steve Conradie by tel. 3654 of Son Vida 202 in Die Laan kontak.

# Fencing Progress

ALTHOUGH one hears relatively little about fencing as a sport on campus, it is one which has made the most progress in the last few years. Not only have the Stellenbosch fencers done extremely well competitively on an intervarsity and provincial level; several gaining Protea colours; but also internationally as part of the South African Universities team (S.A.U.) to tour Europe during December 1978 gaining experiênce of great value to the club as a whole.

Fencing is not only highly specialised and technical as many people believe it to be, but a stimulating, mentally and physically, exciting and very social sport of which anybody is capable. When acquainted with the basics of the three weapons – foil, epeé and sabre – one can consider oneself well on the way to becoming a ferrara and experience gained competitively continues this process. For this reason the club is always active and welcomes any newcomers. All equipment is provided. Classes are held between 7 – 9 p.m. at D.F. Malan sports complex every night.


U HOEF NIE 'N WISKUNDIGE TE WEES om uit te reken dat DIT MINDER BY LEMKUS KOS NIE




LEMKUS QUARTERBACK SPORTS

ONS OPEN GRAAG REKENINGE

TRUST BANK SENTRUM STELLENBOSCH

# US-KOOR KRY HEELWAT NUWE LEDE VIR 1979

UIT 130 aansoekers is 19 nuwe koorlede gekies om vanjaar in die Stellenbosse Universiteitskoor te sing. Die koor, o.l.v. dr. Johan de Villiers, het reeds op 27 Februarie met die opening van die Studenteparlement in die Langenhoven-studentesentrum opgetree toe hulle die Volkslied gesing het. Hulle eerste volle uitvoering op Stellenbosch vanjaar is op Saterdag 26 Mei in die Endlersaal.

Die koor sal ook gedurende Oktober vanjaar op Stellenbosch die première aanbied van 'n feeswerk wat spesiaal vir die Stellenbosse Drie-eeufees in opdrag van die Stadsraad deur dr. Arnold van Wyk gekomponeer is.

### NUWE LEDE

Die 19 nuwe koorlede – 13 dames en 6 mans – is: Antoinette Stoltz ('n eerstejaar B.Dram.-student), Antoinette van Niekerk (honneurs in Joernalistiek), Rosemary Dorrington en Angela Ablett (B.Sc. I), Margaret Smith (skoolbiblioteekkunde), Margareta Malan (B.A. I), Christie Fourie en Vincent Sorensen (B.A. II), Elna Bezuidenhout, Rónel Borcherds, Han-Marié Marshall en Arnold Coetzee (B.Mus. I), Debbie Steyn en Thea Blom (B.Mus. II), Veranza Winterbach (B.Mus. III), Renée Serfontein (B.Mus. IV), Willem Engelbrecht (LL.B.), Jako Mostert (B.Rek. II) en Pieter Louw (B.Th. I).



*Hier is die voorsitter van vanjaar se koorbestuur, Piet Naudé (links), en sy vrou, Elize (wat ook een van die koor-bestuurslede is), saam met vier van die nuwelinge. Hulle is, van links af: Margaret Smith, Margareta Malan, Debbie Steyn en Arnold Coetzee.*



*Die hoofstudent van die Militêre Akademie, Kapt. Bernie Roode, met die gesogte Smoegtrofee, wat die Militêre Akademie weer eens verower het. Die Karnavalvoorsitter, Freddie Human het die wenners by die formele dansparty in die stadsaal aangekondig. Die dameskoshuis wat die Smoegtrofee met hulle deel, is Erika.*

# GULDE GELEENTHEID NA NEDERLAND EN BELGIË

STUDENTE AANDAG! Die lae lande by die see – wie wil in die winter soontoe? Die Nederland-Zuid-Afrikaanse Vereniging (Amsterdam) beywer hom vir die behoud en bevordering van kulturele betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland. Dít doen die vereniging (NZAV) o.a. deur jeugkontak: in 1975 is vier-en-twintig studente van Suid-Afrikaanse universiteite na Nederland genooi waar hulle 'n maand lank deur lede van die NZAV gehuisves is. Dit was 'n reuse-sukses.

Hierdie studente het met groot waardering getuig van die akademiese, sosiale en kulturele verryking wat die besoek vir hulle meegebring het. Die projek is in 1976 herhaal en in 1977 het sestien Nederlandse studente 'n besoek aan Suid-Afrika gebring. Weens omstandighede kon geen soortgelyke projek in 1978 verwesenlik word nie.

### "JONGEREN-PROJECT" VIR 1979

Die NZAV beoog vir 1979 weer 'n sogenaamde "Jongeren-project": vier-en-twintig studente word vir die duur van die winter-vakansie (30 Junie – 23 Julie) na Nederland genooi, en die toer sluit 'n besoek aan België in. Van elke universiteit sal minstens een student gekies word. Die Genootskap Nederland-Suid-Afrika, waarvan prof. F. Smuts voorsitter is, behartig die plaaslike reëlings i.v.m. die "Jongeren-project". Voornemende Stellenbosse deelnemers aan die projek moet op die volgende voorwaardes let:

1. Belangstellende studente moet *minstens twee* geslaagde studiejare agter die rug hê.
2. Slegs studente met 'n belangstelling in Nederland, sy kultuur, taal en mense sal in aanmerking kom.
3. Die koste van die toer sal ongeveer R600 bedra – die laagste beskikbare tarief.
4. Vanselfsprekend moet studente hul eie sakgeld voorsien – ongeveer R100 – R150 word aanbeveel.

### MOTIVERING

Belangstellende studente moet 'n kort "curriculum vitae" verskaf, hul belangstelling in Nederland motiveer en *voor 15 Maart* in verbinding tree met prof. F. Smuts, Van der Stelstraat 17 (tel. 3967)
of met
mej. Lina Spies, Molenvliet 7 (tel. 71558).

# Karnaval kort 'n opkikkering

NICO ROUX, MAJUBA, skryf:

KARNAVAL is verby en lê dalk nog nie ver genoeg om 'n goeie evaluasie daarvan te gee nie, maar my ervaring van karnaval sal my beslis nie lank bybly nie. As karnaval elke jaar op so 'n wyse "gevier" word, kan dit gerus afgeskaf word.

Stellenbosch is 'n unieke dorp met 'n unieke universiteit, maar het die karnaval nie 'n morbiede, materialistiese gees gekry nie? Van 'n gesonde gees is daar nie sprake nie. Dis of niks in rat wil kom nie. 'n Week vóór karnaval verkoop almal *Akkerjolle*, maar dan is alles weer doodstil tot die Vrydag voor die groot dag. Dit lyk vir my of alles te veel om die insameling van geld gaan. Dit wat sommige Maties dan nog gedurende die week by die kroningsbal van Mej. Matie geniet, kos hom 'n fortuin. Ek verwerp egter nie die goeie saak waarvoor dit gaan nie.

Wat het die meerderheid studente van karnaval? Slegs een of twee sokkies gedurende die week vir sosiale skakeling en dan ook 'n langaandsokkie Vrydagaand. Ek is seker dit betrek ook net 'n klein groepie. Daar is natuurlik nog 'n groep wat karnaval op 'n "natter" wyse vier. Maar wat maak die res?

Kan daar nie 'n gesonde gees geskep word met meer kompetisies tussen die verskeie koshuise nie? Veral Vrydag op die Jan Maraisplein. Dit kan meewerk om te bepaal wie die wenner van die Smoeg sal wees. Die stalletjies daar trek beslis ook nie die student nie. Dis na my mening beslis ook nie iets wat drankmisbruik kan beperk nie. Die drank is nou baie nader en as jy gelukkig is, baie goedkoper. Daar is ook geen plesier aan om teen 'n ou te kompeteer wat onvas op sy voete staan nie.

### KLASSE

Die student wat hard werk om te help dat die mikpunt wat vir karnaval gestel is bereik word, kry niks vir sy moeite nie. Ek dink die Universiteitsowerheid kan weer tegemoetkomend wees, veral met Vrydag se klasse. Dan sal die karnavalkomitee beslis meer ruimte hê om meer te laat plaasvind. Die akademie sal beslis nie te veel daaronder ly nie.

## Neem Kennis

AANDAG alle Maties.
Ons gee hiermee kennis van die volgende SAAK-vergadering wat op Woensdag 14 Maart in die Vrouevereningingsaal in die LSS sal plaasvind. Mnr. Unna, ambassadeur van Israel, sal ons kom toespreek oor die situasie in sy land. Die vergadering begin om 19h30 en almal is welkom.

PIZZALAND

Beste Pizzas
Beste Diens



en by Voortrekkerweg 143, Parow
sal studente 'n 10% afslag
ontvang as hul 'n
studentekaart toon.
OOP 7 DAE PER WEEK
VANAF 9 VM TOT MIDDERNAG
Tel. 92-8318




## Studenteparlement ?

# LAAT DIE FOTO'S VERTEL

Bladsye 16 tot 20 is ons spesiale Karnaval-bylae. Om Karnaval visuee weer te gee, sal 'n mens duisende foto's nodig hê. Ons plaas maar ne 'n paar foto's waarmee ons die 'gees' van die karnaval probeer herskep Die meeste van dié foto's het nie byskrifte nodig nie – elkeen vertel s eie storie. Heel onder links op bl. 17 is die dameskoshuis, Erika, wa die koshuisversiering gewen het. Langsaan is Tina Louw, tans di gesogste meisie op Stellenbosch. Regs onder op bl. 17 verskyn di persoon wat die hardste moes werk om van Karnaval 'n sukses t maak, Karnavalvoorsitter Freddie Human. Dié foto is tydens die opto geneem.






*Bo: Mej. Matieland en haar twee prinsesse op die Kronenbräu 1308-wa.*
*Links: Gerda de Villiers en Tina Louw neem deel aan die modeparade wat deur tien finaliste gehou is.*
*Onder: Sonop is nie skaam vir hul naam nie!*
*Regs: Driehonderdjaar-gemak?*





# KARNAVAL '79
























# Van die meesters wat ons toekoms in die ruimte bereken het. Beter breinkrag vir studente wat hulle toekoms op aarde bereken.




Texas Instruments - hoofverskaffers van elektroniese toerusting aan die Amerikaanse ruimteprogram en ontwikkelaars van die eerste sakrekenaar - het nou 'n ander kleiner en beter aanspraakmaker om op te roem: Gespesialiseerde Studenterekenaars.

Hulle spog met 'n ruimte-eeuse bron van inligting vir elke student se rekenbrein. Feitlik elke fakulteit - van ingenieurswese en wetenskap tot wiskunde en statistieke. (Let op: Sin en Tan is glad nie die soort statistiek wat mens by 'n joolkoningin sal soek nie, hoor.)

En 'n rewolusionêre nuwigheid: T.I. het drie letters geformuleer wat u meer help om u syfers te kry as enige ander sakrekenaar op die kampus.

AOS. Algebraïese Bedieningstelsel (A. Operating System).

Eie aan Texas Instruments maak AOS dit vir u moontlik om vraagstukke van links na regs in te voer soos hulle geskryf is.

Dan bereken die rekenaar dit outomaties in die algemeen aanvaarde orde van die algebraïese hiërargie.

Voeg daarby ons spesiaal ontwerpte studentereeks by 'n Texas Instruments-reeks wat strek van die T.I. programmeerbare 58 en 59 (met omruilbare biblioteekmodules) met 'n spesifieke MBA-rekenaar. U sal saamstem dat wat u betref het Texas u toekoms tot op die allerfynste graad bereken.

**TEXAS INSTRUMENTS**

Rewolusionêre Berekenings teen Rewolusionêre Pryse

HANDELSNAVRAE: HAMPO TRADING
Posbus 170, Johannesburg 2000.
Telefoon 836-4041.

Kuper Hands 2473/A


UIT DIE HANGK















# DIE HEEL FRAAISTE



*Tina Louw*
FOTO: BERNARD JORDAAN (RAPPORT)



*Annette Marais*
FOTO: BERNARD JORDAAN (RAPPORT)



*Kosie Weideman*
FOTO: BERNARD JORDAAN (RAPPORT)